# HOOFSTUK 2: EIENSKAPPE VAN KULTES

## 2.1 INLEIDING

### 2.1.1 *INLEIDEND*

In die vorige hoofstuk is gekyk na die verskillende definisies van 'n kulte. In hierdie hoofstuk word in meer besonderhede ingegaan op die gemeenskaplike eienskappe van groepe wat vandag deur deskundiges as kultes beskryf word. Hierdie eienskappe word dan in hoofstuk 3 as riglyn gebruik om vas te stel of die Jehovah-getuies ook die tipiese eienskappe van kultes vertoon en gevolglik as 'n kulte getipeer kan word.

Die doel van hierdie afdeling is nie om op die verskillende groeperinge wat binne die kultes bestaan[1] in te gaan, of ander groepe as die Jehovah-getuies te meet aan die eienskappe van kultes hieronder genoem nie. Tog word by die uiteensetting van die eienskappe na verskillende groepe wat as kultes bekendstaan verwys, juis omdat daar gepoog word om gemeenskaplike eienskappe te identifiseer.

Terwyl die definisie van kultes in die begin van die tagtigerjare veral op leerstellige verskille met die tradisionele kerke gegrond was,[2] word vanaf die einde van die tagtigerjare al meer klem gelê op die sielkundige houvas wat kultes op hulle lede het en die teologiese begronding wat daarvoor gegee word.[3] In hierdie afdeling word veral laasgenoemde pad gevolg. In afdeling III word op leerstellige sake ingegaan.

### 2.1.2 *POLITIEKE KULTES*

Een van die verskillende groeperinge binne die kultes wat sowel Martin (1993:23-26) as Hassan (1988:39-41) onderskei, is politieke kultes. Hoewel hierdie groepe buite die grense van hierdie studie val, is dit van belang om te besef dat tegnieke wat in politieke kultes gebruik word, dikwels ook kenmerkend van godsdienstige kultes is.

'n Baanbrekerswerk oor die tegnieke van politieke kultes, is Lifton (1961) se boek *Thought Reform and the Psychology of Totalism*. Volgens die omslag is hierdie werk die eerste diepgaande wetenskaplike studie wat oor die onderwerp verskyn het. Daar word onder andere ingegaan op die tegnieke wat die Sjinese kommuniste gebruik het om 'n radikale verandering van lewens- en wêreldbeskouing onder hulle Amerikaanse krygsgevangenes en onder die Sjinese intellektuele te bewerkstellig. Om die

gemeenskaplike eienskappe van kultes vas te stel, word kortliks gekyk na die agt tegnieke wat Lifton (1961:419-437) by kultes onderskei:

* **Omgewingsbeheer** ("Milieu Control") - Volgens Lifton (1961:420-422) is kultes daarop ingestel om mense se omgewing te beheer. Die basis van hierdie beheer is beheer oor hulle kommunikasie. Dit sluit sowel beperkinge op kommunikasie met ander mense as met jouself in. Mense kan nie waag om openlik met enigeen te praat nie, want van elkeen word verwag om die owerheid op hoogte te hou van al die ander se doen en late. Daar word herhaaldelik klem gelê daarop dat hulle die absolute waarheid het en gewaarsku teen die vernietigende gevolge wat twyfel daaraan kan bring. Dit bring 'n diskrepansie tussen wat die lid self ervaar en wat hy glo die waarheid is (vgl. ook Orwell, 1966:216-223). Die wêreld buite die groep word gevolglik as vyandig ervaar, omdat dit die sogenaamde waarheid waaraan die persoon vashou bedreig. Die kulte se beheer keer ook dat die persoon nie soos ander mense voortdurend soek na nuwe inligting of na 'n eie beoordeling van sake nie. Nuwe inligting wat wel van buite die groep verkry word, word geïgnoreer totdat 'n wyse gevind word hoe dit kan inpas by die beheerde omgewing van die groep. Op die wyse word selektief omgegaan met alle verkreë inligting.

* **Mistieke manipulasie** ("Mystical Manipulation") - Deur mistieke manipulasie word spesifieke emosionele en gedragspatrone volgens Lifton (1961:422-423) bewerkstellig op so 'n wyse dat dit wil voorkom asof dit spontaan ontwikkel het. Dit word verkry deur die beklemtoning van die hoëre taak wat (byvoorbeeld deur God) aan die groep gegee is. So word die manipuleringsliggaam (die party, regering, organisasie) in 'n mistieke waas gehul. Hulle is die mense, deur God of die geskiedenis verkies, om hierdie hoëre doel te bewerkstellig. In die lig van die hoëre doel word weggedoen met die laere doelwitte van elke individu, omdat dit selfsugtig sou wees in die lig van die allerbelangrike saak waarvoor gestry moet word.

* **Die reinheidseis** ("The Demand for Purity") - Hierdie tegniek hou in dat kultes alle kwessies as wit of swart, reg of verkeerd, absoluut goed of absoluut sleg beoordeel (Lifton, 1961:423-425). Idees, gevoelens en optrede is goed as dit in harmonie met die belange van die groep is, alle ander dinge is sleg en verkeerd. Daarom is enigiets eties reg en regverdigbaar as dit in diens van die groep gedoen word (vgl. Schwarz, 1962:11). Die individu begin sy eie karakter en optrede aan die groep se belange meet. Alles wat die persoon voel wat in stryd is met die organisasie, bring die pyn van skuldgevoelens mee, asook die gevoel dat

die omgewing sy menswees bedreig. Om die seer van skuldgevoelens te probeer ontsnap, word die persoon eerder die eiendom ('n slaaf) van die mense in beheer.

* **Die belydeniskultus**[4] ("The Cult of Confession") - Ernstige sondes (soos deur die organisasie gedefinieer) moet onmiddellik bely word. Volgens Lifton (1961:425-427) dien dit as 'n emosionele katarsis van skuldgevoelens. Daarby is dit ook 'n bewys van selfoorgawe aan die organisasie. Niks is meer privaat nie. Die mens se diepste geheime is groepsbesit. Die vernedering wat daarmee gepaardgaan, veroorsaak ook die gevoel dat 'n mens niks werd is buite die groep nie. Die persoon voel verneder en swak in vergelyking met hulle wat in beheer van die organisasie is.

* **Die heilige wetenskap** ("The Sacred Science") - Die leerstellings van die kulte is te heilig om bevraagteken te word. Die mens word nie self God by politieke kultes nie, maar sy idees kry Goddelike sanksionering. Daarby word aanspraak gemaak op waterdigte logika, sodat die leerstellings van die organisasie die skyn verkry van absolute waarheid waarteen geen weersprekings moontlik is nie. Lede word so die ware wetenskaplike ontleding van feite ontneem onder die vaandel van wetenskaplikheid. So 'n aanloklike sisteem bied natuurlik sekerheid en sekuriteit (Lifton, 1961:427-429).

* **Gelaaide taal** ("Loading the Language") - Hier wys Lifton (1961:429-430) op die gebruik van etiketterende terme ("thought-terminating clichés") waarmee 'n einde aan 'n gesprek of kontroversie gemaak word (vgl. ook Orwell, 1966:54-56). Polities sluit dit terme in soos "kapitalis" en "imperialis" (uiters negatiewe terme vir 'n kommunis), en "vooruitgang" en "bevryding" (wat weer 'n positiewe konnotasie het). Omdat 'n mens se gevoelens en denke in taal uitgedruk word, het gelaaide taal 'n vernouende invloed op die lede se emosionele en verstandelike aktiwiteite.

* **Prioriteit van leerstellings** ("Doctrine over Person") - Lede se eie gevoelens moet buig voor die verhewe taak en gepaardgaande leerstellings van die organisasie. Eie logika en sienings moet verander word as dit in stryd is met die kulte se ideologie. Eie ondervinding is ondergeskik aan die leerstellings. Dinge wat in die verlede gebeur het, word verander om in te pas by die leerstellige logika van die organisasie (Lifton, 1961:430-432).

* **Beheer van bestaan** ("Dispensing of Existence") - As 'n mens nie deel van die "people" is nie, is jy volgens die Sjinese kommuniste "outside the people", dit wil sê "nonpeople". Lifton (1961:433-435) wys daarop dat die kulte dus besluit wie

die reg het om te bestaan en wie nie. Die enigste manier om te oorleef, is om deel van die organisasie te wees. Om "iets" en nie "niks" te wees nie, moet jy jouself ondergeskik stel aan die organisasie.

Uit die tegnieke wat Lifton onderskei, blyk dat politieke kultes ingestel is daarop om mense in hulle totaliteit te beheer en sodoende tot die kulte se eie voordeel aan te wend. Hierdie eienskappe is ook op godsdienstige kultes van toepassing, soos hieronder sal blyk.

### 2.1.3 *GODSDIENSTIGE KULTES*

Walter Martin is een van die bekendste navorsers op die gebied van godsdienstige kultes die afgelope aantal dekades. Hy onderskei die volgende tien eienskappe by kultes (Martin, 1980:17-21):

* **Oorsprong**: Gewoonlik is daar 'n sterk leier wat aanspraak daarop maak dat hy in opdrag van God of met Goddelike gesag optree.

* **Bybel**: Die groep het gesagvolle geskrifte wat by die Bybel bygevoeg word of aan die interpretasie daarvan verander.

* **Lidmaatskap**: Daar is rigiede lidmaatskapstandaarde en 'n buitengewoon streng handhawing van tug. Om uitgeskop te word, beteken vir kultelede dat hulle hulle vriende en familie, hulle doel in die lewe, asook God se goedgesindheid verloor.

* **Ooreenstemmende faktore in kultes**: Kultes funksioneer so ooreenstemmend dat dit gebeur dat iemand wat uit een kulte loskom, sonder die nodige bystand maklik weer by 'n ander een betrokke raak.

* **Evangelisasie-aktiwiteite**: Om die groep se leerstellings aktief te verkondig, is 'n kenmerk van 'n ware toegewyde kultelid. Hierby speel die gedagte dat 'n mens jou saligheid kan verdien 'n groot rol (al word dit soms ontken).

* **Leiers**: Kultes staan onder die leiding van selfverkose leiers wat min of geen teologiese opleiding het nie.

* **Nuwe openbaringe**: Veranderings in leerstellings en gebruike kom voor soos die leier(s) "nuwe lig" ontvang.

* **Voortgaande openbaringe:** Omdat geleer word dat God deur die kulte met die mensdom kommunikeer, kan die "nuwe lig" selfs teenstrydig wees met God se "eerste" openbaring, die Bybel.

* **Herstel van die ware Christendom:** Kultes sien hulleself as die herstel van die ware Christendom. Deurdat verkondig word dat net hulle die waarheid het, ontstaan 'n eksklusiwiteit wat weer in 'n gevaarlike isolasie ontwikkel.

* **Taal:** Kultes gee hulle eie betekenisinhoud aan woorde en skep selfs woorde wat eie aan die groep is.

Soortgelyke beskrywings van die eienskappe van godsdienstige kultes word onder andere gevind in Watters (1986a - sewe eienskappe), Barnard (1980 - tien eienskappe) en Hassan (1988 - vier eienskappe). Hassan (1988:59-67) lê sterk nadruk op die beheer wat die kultes oor hulle lede het en sien die vier basiese eienskappe van 'n kulte as beheer oor emosies, gedrag, denke en inligting.

### 2.1.4 *EIE ONTWERP*

Vir 'n eie indeling word by hierdie benadering van Hassan aangesluit, maar dit word uitgebrei om ook die ander genoemde eienskappe van kultes in te sluit. Die eienskappe van godsdienstige kultes word in twaalf hoofgroepe ingedeel, waarin gepoog is om sowel die leerstellige en die psigologies-sosiologiese aspekte van kultes, as hulle praktiese implementering daarvan te inkorporeer. Die twaalf eienskappe is beheer oor denke, gedrag, emosies/gevoelens, inligting en omgewing, taal, norme, God, verlossing, die Bybel, leerstellings, geskiedenis en lidmaatskap. Op elkeen van hierdie terreine word afsonderlik ingegaan. So word 'n maatstaf verkry waarmee in die volgende hoofstukke gemeet kan word of die Jehovah-getuies die eienskappe van 'n kulte vertoon of nie.

## 2.2 BEHEER OOR DENKE

### 2.2.1 *INLEIDEND*

Gedurende die afgelope vyf jaar wat die skrywer aktief te doen gehad het met lede van groepe wat met die term kulte beskryf word, was dit opvallend hoe eenders die lede van 'n spesifieke groep oor sake dink. Wanneer hulle uitgevra word oor hulle leerstellings, hulle organisasie, alledaagse gebeure, selfs politieke en maatskaplike toestande, hoor 'n mens keer op keer dieselfde of soortgelyke antwoorde. Hulle dink dat apartheid verkeerd is; dat Amerika nie oorlog teen Irak moes maak nie; dat Jesus nie God is nie;

dat Jesus 'n reïnkarnasie van die Christus is; dat rook sonde is; dat koffie nie gedrink moet word nie; dat hulle organisasie sy gesag van God kry; dat foutiewe profesieë deel van die verlede is, maar dat dit wat die organisasie nou leer geheel en al die waarheid is; dat 'n mens nie na 'n dokter moet gaan as jy siek is nie, maar net moet bid; dat mense wat van hulle verskil besig is om hulle te vervolg; ensovoorts. Die vraag ontstaan nou of sulke eenderse denke oor verskillende sake as 'n algemene eienskap van kultes getipeer kan word.

Iets anders wat die skrywer die afgelope aantal jare opgeval het, is dat wanneer met lede van 'n kulte geredeneer word, 'n mens net tot op 'n sekere punt vorder. Dan is dit asof jy in 'n denkblokkasie vasloop. Dit gebeur gewoonlik wanneer die feite wat aan die lid voorgelê word die gesag of integriteit van die organisasie waaraan hy of sy behoort bevraagteken. Dikwels vind 'n mens 'n emosionele en selfs aggressiewe reaksie - heeltemal strydig met die verloop van die gesprek tot voor daardie punt. Wantroue, beskuldiging van swartsmeerdery en onttrekking aan die gesprek is dikwels die gevolg. Selfs as bewyse voorgelê word dat die organisasie waaraan hulle behoort hulle klaarblyklik mislei, is dit asof daar 'n blokkasie is wat nie toelaat dat hierdie eers rasionele mens die voorgelegde feite kan insien of verstaan nie. Dit bring ook die vraag of hierdie denkblokkasie as 'n gemeenskaplike eienskap van kultes wêreldwyd beskryf kan word.

In hierdie onderafdeling word nagegaan of hierdie reaksie toegeskryf kan word aan kulteleiers se beheer oor die denke van die lede, en indien wel hoe ver daardie beheer strek.

### 2.2.2 *KEER NEGATIEWE GEDAGTES*

Volgens Hassan (1988:61-63) maak kultes gebruik van 'n "thought-stopping technique" waarmee lede kritiese gedagtes wat in hulle mag opkom ten opsigte van hulle organisasie moet weer. Om 'n goeie lid te wees, moet die persoon leer om sy eie denkprosesse te manipuleer (vgl. Orwell, 1966: 56, 217-218). Dit hou in dat hy so sterk moet glo dat die organisasie waaraan hy behoort die absolute waarheid het, dat hy bereid is om alle inkomende inligting deur die bril van die organisasie se mening te kleur, te blokkeer of uit te filtreer.

Kultes doen dit volgens Hassan (1988:62) deur lede te waarsku dat dit beter is om aan sekere dinge nie eers te dink nie. Sodra 'n lid dan 'n "slegte" gedagte kry, moet hy dit onmiddellik uit sy gedagtes sit en aktief daaraan werk om sy denke in ooreenstemming met die denke van die groep te bring. So leer hy om alles wat sy bestaan bedreig uit sy

gedagtes te sluit (amper soos 'n alkoholis sy drank gebruik om van alle negatiewe dinge te vergeet). Wat hy wel sien, word ontken ("dit is nie so nie"), of gerasionaliseer ("daar sal 'n goeie rede voor wees"), of geregverdig ("dit hoort so").

Hassan (1988:62-63) meld dan dat verskillende groepe van verskillende gedagteuitwissingsmetodes gebruik maak, soos byvoorbeeld gekonsentreerde gebed, harde of sagte "chanting", meditasie, sang of neurie. Lede glo dat hoe beter hulle met die uitwissing van "negatiewe" gedagtes vaar, hoe meer het hulle gegroei in die geloof (terwyl hulle in werklikheid eintlik al groter slawe van die organisasie geword het). Selfs nadat iemand uit 'n kulte losgekom het, is hy nog nie ontslae van die verslawende uitwerking daarvan op sy denke nie en moet hy deur 'n moeilike onttrekkingsproses gaan voordat hy werklik daarvan vry is.

Dit is opvallend in gesprekke met lede van kultes dat wanneer hulle nie meer kan antwoord op dit wat aan hulle uitgewys word nie, hulle baie seker is dat hulle organisasie BESLIS die antwoord sal hê. Volgens Hassan (1988:61) glo kultelede vas dat hulle dogma die antwoord gee op alle probleme en situasies en dat as 'n mens voor 'n probleem wat jy nie kan oplos nie te staan kom, die rede daarvoor doodgewoon is dat jy nog nie alle kennis in pag het nie. Die lid hoef nie meer vir homself te dink nie, want die dogma het klaar vir hom gedink. Daarop kan enige tyd teruggeval word vir die finale antwoord op enige probleem.

### 2.2.3 *KOMPARTEMENTELE DENKE*

Martin (1992:26) beskryf hierdie geslotenheid by kultelede as "closed-mindness". Dit hou volgens hom in dat hoewel kultelede graag voorgee dat hulle geïnteresseerd is in 'n rasionele kognitiewe evaluasie van feite, hulle enige sake wat as negatief ervaar word van hulle weer. Die persone kan egter kriteria wat hulle nie op hulle eie organisasie kan toepas nie, met groot gemak en baie krities op ander toepas. Die term waarmee Martin hierdie neiging beskryf, is "kompartementele denke". As iets soos die bevraagtekening van die organisasie se gesag eers in 'n kompartement toegesluit is, is dit amper onmoontlik om in hierdie opsig tot die kultelid, wat andersins so rasioneel kan redeneer, deur te dring.

Martin (1992:26-27) beskou die kultelid se siening dat hy teen wil of dank deel van die groep moet bly, as die enkele rede waarom 'n lid bereid is om teen al sy rasionele denke in tot die ekstreme met die groep te konformeer. Hy gee dan verskillende voorbeelde hiervan:

* Mormoonse geskiedkundiges en teoloë is deeglik daarvan bewus dat die eerste uitgawe van *Die Boek van Mormon* op 'n hele paar plekke drasties verskil van die huidige uitgawe, omdat daar heelwat korreksies aangebring moes word. Tog glo hulle steeds dat beide uitgawes Goddelike openbaringe is.

* *Christian Science*-aanhangers is ook bereid om met weersprekings saam te leef. Hoewel hulle stigter, Mary Baker Eddy, in haar laaste jare dikwels van die hulp van dokters gebruik gemaak het, morfieninspuitings ontvang het teen pyn, 'n bril gedra het en haar tande laat uithaal het toe hulle probleme gegee het, hou haar navolgers steeds vas aan haar leerstellings dat pyn 'n illusie is en dat nie van die hulp van dokters en verdowingsmiddels gebruik gemaak moet word nie.

Bogenoemde gegewens is vir Martin duidelike voorbeelde van kompartementele denke, waar teenstrydige sake in verskillende kompartemente geplaas word en die groep op die manier met die kontradiksies vrede maak. Hy sien dit as 'n goeie voorbeeld van hoe die Satan die mens se verstand kan verblind (2 Kor. 4:4). Tipies van die werk van die Satan word die kultelede egter mislei om te dink dat kritiek teen hulle organisasie "leuens oor ons is wat die Satan in mense se gedagtes geplant het" (Hassan, 1988:62).

Die *Moonies* is so negatief ingestel teenoor invloede van buite die groep dat lede selfs hulle familiebande moet breek. Watters (1986a:2) gee as rede hiervoor dat 'n gesin of familie 'n onafhanklike sel is waar verskille van die kulte se opinies of gebruike in die geheim kan ontwikkel. Hy wys verder daarop dat slagspreuke soos "hou die organisasie skoon" deur kultes gebruik word om ontslae te raak van mense wat vir hulleself wil dink.

### 2.2.4 *'N NUWE VERWYSINGSRAAMWERK*

Hoe die sielkundige proses werk dat dit moontlik is dat 'n mens se denke so gemanipuleer kan word deur 'n organisasie, val buite die opset van hierdie studie. Tog kan kortliks saam met Hassan (1988:47) daarop gewys word dat die mens se bewussyn beperk is en net aan 'n sekere hoeveelheid inligting op 'n slag aandag kan gee. As 'n mens byvoorbeeld hier lees, hoor jy nie bewustelik al die geluide om jou en voel jy nie die stoel waarop jy sit en sien jy nie elke letter vir wat dit is nie. Die grootste deel van alle impulse wat ontvang word, word deur die onderbewussyn hanteer. Die onderbewussyn is ook in staat om vir 'n mens verstandprentjies voor te hou wat dan as werklikheid ervaar word. 'n Mens kan jou inleef in dinge asof dit werklik is (byvoorbeeld in boeke en films). Ongelukkig kan 'n werklikheid ook onbewustelik geskep word, 'n werklikheid wat 'n mens dink waar is of waarin jou kritiese vermoë teruggedruk word tot

'n vlak waar jy weer die sekuriteit van 'n ouerlike gesagsbron (moederlike organisasie) nodig het.

Hassan (1988:47) wys daarop dat 'n nuwe verwysingsraamwerk geskep word by kultelede, sodat wanneer hulle self besluite moet neem, dit teen hierdie nuwe agtergrond geskied. 'n Mens hoor dan ook by familie en vriende van mense wat deur kultes gewerf is dat die persone heeltemal anders dink en reageer op sake as voorheen.

### 2.2.5 *GEVOLGTREKKING*

Dit is duidelik dat daar ooreenstemming tussen navorsers bestaan dat kultes daarop uit is om hulle lede se denke te beheer. Kultes verwag van hulle lede kritieklose navolging. Hierteenoor leer die Woord van God dat die waarheid vry maak (Joh. 8:32). Navolgers van Christus mag nie toelaat dat hulle denke deur 'n mens of 'n groep mense se idees verslaaf word nie.

## 2.3 *BEHEER OOR GEDRAG*

### 2.3.1 *INLEIDEND*

Wat kry mense soos die Ou Apostels so ver om te glo dat hulle tien persent van hulle tyd (17 ure per week) aan die beoefening van hulle godsdiens of die amptelike verkondiging daarvan moet bestee? Wat kry mense soos die *Christian Science*-beweging so ver om te maak asof hulle fisiese probleme nie bestaan nie en so vir hulleself 'n klomp ellende op die hals te haal? Wat kry mense soos die *Hare Krishnas* so ver om elke dag minstens twee uur lank dieselfde goed oor en oor te sing en beswymend te wieg ("chant")? Wat kry mense (waarvan baie ryk en vooraanstaande is) soos die navolgers van *Rajneesh* so ver om in bewondering om hom te dans, al hulle geld vir hom te gee en hulleself aan enigeen oor te gee vir seksuele gemeenskap? Wat kry mense soos die Mormone so ver om hulle geslagsregisters eindeloos na te gaan en hulle namens die dooies te laat doop; asook om permanent 'n kleed onder hulle klere te dra wat hulle sogenaamd teen die aanslae van die Bose beskerm? Wat kry mense soos die *Moonies* so ver om hulle families vir wie hulle eers so baie omgegee het, eenkant toe te stoot? Wat het die amper 1000 lede van die *Peoples' Temple* van Jim Jones so ver gekry om almal saam selfmoord te pleeg?

Dat die kultes op een of ander manier 'n groot invloed op hulle lede se gedrag uitoefen, is baie gou duidelik wanneer 'n mens met hulle te doen kry. Wat dit alles inhou en die wyse waarop dit gebeur, word vervolgens bespreek.

### 2.3.2 *LEIERS SE INVLOED*

Onder die faktore wat die lede se gedrag beïnvloed, is die leiers se optrede baie belangrik (vgl. Klompeen, 1993:12), aangesien dit dikwels as rolmodel aan die lede voorgehou word ("doen soos ek doen"). 'n Nuwe lid word in die meeste kultes by 'n ouer lid geplaas dat hulle as 'n paar saamwerk, sodat die nuwe lid kan leer om op te tree soos die meer ervare een. So word die lid geleer om sy ou gedragspatrone af te leer en die rolmodel se gedrag sy eie te maak. Hassan (1988:81) beskryf dit as hiërargiese modellering waar die nuwe lid die meer ervare een as rolmodel neem, laasgenoemde weer sy leier as model neem, dié weer die een bokant hom, totdat die kulteleier self uiteindelik die topmodel is.

Hassan sê dan ook dat selfs 'n gewone buitestaander kan raaksien dat die lede van 'n kulte se gedrag, maniertjies, kleredrag en manier van praat opvallend ooreenstem. Wat hierdie buitestaander sien, is die persoonlikheid en gedrag van die leier soos dit deur die hiërargie na onder nageaap is (Hassan, 1988:81). Seker die sigbaarste voorbeeld hiervan is die drag en gedrag van die lede van die *Hare Krishna*-beweging.

Buiten die letterlike nadoen van leiers, word kultelede se gedrag ook deur die leiers beïnvloed deurdat absolute gehoorsaamheid aan die gesag bo hulle vereis word (vgl. Johnson & VanVonderen, 1991:112-118). Martin (1993:64-65) wys daarop dat die onderdanigheid wat van mense in die kultes verwag word, eerder met die term afhanklikheid beskryf kan word: "Cults demand dependency and call it biblical submission." Hierdie afhanklikheid van die erkenning en aanmoediging van leiers bo hulle veroorsaak volgens Martin 'n "unhealthy, crippling, psychological dependency". Die leier se gesag strek ver buite die grense wat die kerk as samelewingsverband oor die optrede van sy lede behoort te hê.

### 2.3.3 *ONDERDRUKKING VAN PERSOONLIKHEID*

Wat verder hierby aansluit, is die dubbele persoonlikheid wat 'n mens by sommige kultelede kry. Hulle gedrag en optrede wissel tussen dié van die mens wat hulle is en dié van die kultelid wat hulle geword het. 'n Mens kan dit vergelyk met iemand wat, soos die situasie dit vereis, gewoon of professioneel optree. Die verskil is net dat die kultelid teenoor dieselfde persoon "gewoon" en "professioneel" optree in een gesprek - afhangende daarvan of die gesprek oor alledaagse sake gaan of oor iets waaroor die kulte 'n duidelike standpunt het.

Volgens Hassan (1988:73) is hierdie gedrag baie bekend onder almal wat met kultelede werk. Hierdie "dubbele identiteit" is dikwels verwarrend vir die naasbestaandes van die

persoon - veral in die eerste weke of maande van sy betrokkenheid by die kulte. Die skrywer het dit self ook gesien (in 'n gesprek te Roodepoort in 1989) met 'n jongman wat uit 'n gelowige Christen-huis kom, maar betrokke geraak het by die sogenaamde Israelvisie (vgl. Malan & Zevenster, 1991:4-40). Een oomblik (in die woorde van Hassan) "praat die persoon in kultariese terme met 'n vyandige of uitverkore weet-alles-houding; om dan ewe skielik weer soos sy ou self op te tree met sy ou houdings en maniertjies". Wanneer hy in die een fase is, is sy spraak robotagtig, vol kulte-clichés. Wanneer hy weer homself is, wissel sy stem gewoonweg tussen emosies en is hy meer bereid om sy gevoelens te deel (Hassan, 1988:73). Hierdie dubbele persoonlikheid is egter nie ewe sigbaar by alle kultelede nie.

Martin (1993:122-124) wys daarop dat kultes lede dwing om persone te word wat hulle nie is nie. Verskille in persoonlikheid, temperament, belangstelling en talente word ondergeskik gestel aan deelname aan dit wat die groep as belangrik beskou. 'n Introvert het in sekere groepe geen ander keuse nie as om 'n aggressiewe werwer van nuwe lede te word. 'n Ekstrovert word weer in ander groepe gedwing om ure in homself gekeer te leef in meditasie en innerlike ondervindings.

Martin (1993:72-73) wys verder daarop dat 'n eienskap van kultes is dat lede se persoonlike vryheid hulle ontneem word. Met baie dinge moet daar doodgewoon ingeval word by dit wat die leier(s) besluit die beste vir die persoon is. Buitendien moet die hoëre doelwitte van die kulte volgens Lifton (1961:422-423) by kultelede voorrang geniet bo hulle eie (sogenaamd selfsugtige) doelwitte. Dit alles dra daartoe by dat die persoon se persoonlikheid onderdruk word en hy vreemde gedragspatrone ontwikkel.

### 2.3.4 *ELITE-MENTALITEIT*

Hassan (1988:80) wys daarop dat die elite-mentaliteit wat weens hulle "uitverkorenheid" by kultes voorkom, 'n sterk emosionele gom is om die lede bereid te maak om op te offer en hard te werk vir die idees van die groep. Kultelede voel nie net sterk oor "sendingwerk" nie, maar glo ook dat hulle 'n bepalende rol in die geskiedenis speel. Die *Moonies* word byvoorbeeld geleer dat daar eendag monumente vir hulle opgerig sal word om hulle en hulle opofferings te herdenk. Die Mormone glo weer dat elke egpaar wat getrou bly, as gode nuwe planete gaan bevolk.

Hierdie gevoel van "uitverkorenheid" bring volgens Hassan vir kultelede 'n swaar vrag van verantwoordelikhede mee. Hulle het nie net 'n verantwoordelikheid teenoor die mensdom nie, maar ook teenoor hulleself. Hulle moet hulle take behoorlik uitvoer om

in 'n goeie verhouding met "God" (of eerder die organisasie as sogenaamde verteenwoordiger van God) te bly.

Martin (1993:69) wys daarop dat hierdie elite-mentaliteit lei tot fanatisme en ekstremisme by die lede van kultes. Hy self was lid van 'n groep genaamd *Great Commission International* waar dit vir hulle uitgewys is dat hulle beslis die uitverkore werktuie van God was, omdat hulle die enigste groep was waar daar ware geestelike aktiwiteit was en moeite gedoen is om die wêreld te bereik. Dat kultes hulleself sien as meer geestelik en meer in God se guns as ander mense, het 'n geweldige invloed op die gedrag en fanatisme van hulle lede.

Die fanatisme wat die elite-mentaliteit by kultelede veroorsaak, is duidelik te sien in hulle eenvormige gedrag teenoor kritiese buitestaanders en oudlede. Hierdie mense word, in die term van die Sjinese kommuniste, as "nonpeople" gesien (Lifton, 1961:433). Daarom is dit nie verkeerd om selfs vir hierdie "vyande van God" te lieg, hulle te haat en hulle ten alle koste te vermy nie. Uit eie ervaring met mense in die kultes die afgelope vyf jaar, weet die skrywer dat vriendelike kultelede met wie jy afsprake vir gesprekke het, nadat hulle byvoorbeeld gehoor het dat die organisasie jou as 'n vyand bestempel en hulle dus verbied het om met jou te praat, jou verskriklik koud sal behandel en selfs die deur in jou gesig sal toeslaan of hatig sal sê dat hulle nie 'n woord verder met jou wil praat nie.

### 2.3.5 *GEVOLGTREKKING*

Dit is duidelik dat kultes daarop uit is om die gedrag van hulle lede te beheer. Martin (1992:37) som dit goed op as hy sê dat 'n mens "in die koninkryk van die kulte 'n mosaïek van abnormale gekondisioneerde gedragspatrone, uitgedruk in 'n teologiese raamwerk kry".

## 2.4 BEHEER OOR EMOSIES/GEVOELENS

### 2.4.1 *INLEIDEND*

Die beheer wat kultes oor hulle lede se emosies het, word deur navorsers op die gebied as emosionele molestering of mishandeling beskryf (Martin, 1993:73). Verskeie soorte emosies word ingespan om 'n stewige beheer oor lede se menswees, denke en gedrag te verseker.

2.4.2 *VREES*

Martin (1993:66-68) meen tereg dat vrees 'n belangrike rol speel in die beheer wat kultes oor hulle lede uitoefen. Hulle literatuur is gewoonlik deurspek met verwysings na die naderende onheil wat oor die mensdom kom. Al wat 'n mens van hierdie onheil kan red, is die organisasie waaraan jy behoort. Die vrees kan so erg wees dat lede van 'n kulte hulleself leed sal aandoen, selfs selfmoord sal pleeg (soos die lede van die *Peoples' Temple*) om weg te kom van dit waarvoor hulle bang is. Enigiets kan die vyand wees - van medisyne en bloedoortapping tot die FBI (vgl. die vrees van die David Koresh-groep wat uiteindelik hulle dood veroorsaak het - SAUK, 1993a) en die naderende eindoordeel. Deur hierdie voortdurende gevoel van vrees onder die oppervlakte, word lede lojaal en hard aan die werk gehou.

Vrees word ook op ander maniere gebruik. Om te keer dat lede kontak het met mense wat kultes kan ontmasker vir wat hulle regtig is, word volgens Watters (1986a:1) "'n dodelike vrees geskep vir die duiwel en sy pogings om ander mense (selfs familie en vriende) te gebruik om die lid op die verkeerde pad te lei". Die dikwels negatiewe reaksie van familie en vriende wanneer iemand by 'n kulte aansluit, versterk natuurlik die lid se gevoel dat die duiwel hom deur hulle wil wegtrek van die regte pad af.

Volgens Hassan (1988:82) het elke kulte met wie hy al te doen gehad het, een of ander duiwel wat gedurig wag vir 'n lid om sy voet verkeerd te sit om hom vir ewig verlore te laat gaan. Hoe verskrikliker hierdie duiwel geskets word, hoe groter vrees en samehorigheid het dit by die groep tot gevolg.

Lifton (1961:434) wys daarop dat die vrees om sonder betekenis ('n niks) te wees, lede van kultes oortuig dat 'n betekenisvolle lewe alleen binne die bande en grense van die organisasie waaraan hulle behoort uitgeleef kan word. 'n Lid se vrees vir betekenisloosheid word dus ondervang deur sy lidmaatskap van die kulte. Hierdie vrees word weer sigbaar wanneer 'n mens aan hom bewys dat sy organisasie beslis nie "Goddelike gesag" het nie, maar vol leuens en dwaalleer is. Die skrywer het self herhaaldelik ondervind dat dan gevra word "waarheen anders kan 'n mens gaan?" Wanneer so 'n persoon tot die oortuiging kom dat die organisasie waaraan hy behoort valslik voorgee om met Goddelike gesag op te tree, sien 'n mens dikwels 'n vrees vir sinloosheid en gebrek aan sekuriteit en hoor jy selfs die versoek: "Moet my asseblief nie nou los nie."

Hassan (1988:44-46) gaan selfs so ver om vrees (fobies) te beskryf as dié mag wat lede van kultes hulle vryheid ontneem. 'n Fobie is 'n intense vreesreaksie wat 'n mens vir iets of iemand het en wat meestal die gevolg van 'n traumatiese ondervinding is. Kultes skep

by hulle lede fobies deur voortdurend aan hulle voor te hou hoe gevaarlik dit is om ooit die groep te verlaat. Sommige groepe oortuig byvoorbeeld hulle lede dat as hulle ooit die groep sou verlaat, iets verskrikliks met hulle of hulle dierbares sal gebeur (amper soos die vrees wat 'n kettingbrief by 'n mens probeer skep dat as jy dit nie verder stuur nie, iets baie slegs jou gaan tref). Daar is selfs groepe wat gewelddadig optree teenoor oudlede (Martin, 1993:196). Alle groepe skets voortdurend 'n uiters donker prentjie van alles buitekant die groep (byvoorbeeld van die Christelike kerke, die staat en die maatskappy) om die lede nog banger te maak om ooit die groep te verlaat.

Deur vrees as emosie te gebruik, verkry en verstewig kultes dus hulle beheer oor hulle lede. Die lede verloor hulle reg op eie besluite, omdat dit wat die organisasie bied die enigste manier is waarop oorleef kan word. Buitendien is daar geen ander manier vir lede om geestelik, intellektueel of emosioneel te groei nie. So word hulle niks anders as slawe van hulle organisasie nie (Lifton, 1961:425).

### 2.4.3 *SKULDGEVOELENS, LOJALITEIT EN TOEWYDING*

Die kultes is ook meesters daarin om hulle lede deur skuldgevoelens te beheer.[5] Martin (1993:67) sien vrees en skuldgevoelens as twee van die sterkste middele tot manipulering wat kultes gebruik in die emosionele beheer wat hulle oor hulle lede uitoefen. Dit is mos so dat as 'n mens eers skuldig voel teenoor iemand, jy uit skuldgevoel bykans enigiets vir daardie persoon sal doen.

Lifton (1961:424) het deur sy werk onder Amerikaanse krygsgevangenes wat kommunisties-georiënteerd uit Sjina teruggekom het, agtergekom dat skuldgevoelens 'n baie belangrike rol gespeel het in hierdie verandering van beskouing by die Amerikaners. Hy beweer dan dat die oorsaak van skuldgevoelens by kultelede lê in kultes se beklemtoning van reinheid ("purity"). Omdat selfs die beste mens nie 100 persent reg kan lewe nie, voel die lede skuldig en skaam teenoor die organisasie. By die organisasie vind die lid egter vergewing (- die organisasie het die mag oor vergifnis; vgl. 2.10.4) en dan wil hy hulle graag deur sy harde werk vir sy wandade vergoed.

Dit is logies dat iemand wat eers deur so 'n proses gegaan het, moeilik die kulte sal verlaat. Watters (1986a:1) wys daarop dat 'n verskriklike skuldkompleks gewek word by 'n persoon wat die organisasie wil verlaat. Dit is die verskriklikste ding wat 'n lid kan doen om "God se organisasie" in die rug te steek. Die gevolg is dat selfs 'n persoon wat van 'n kulte wil wegbreek, moet veg teen hierdie gevoelens. Dit gebeur ook dikwels dat, as so iemand nie behoorlike hulp en ondersteuning kry nie, hy weer later by die kulte aansluit net om vrede in sy gemoed te kan kry.

Vir kultes is die kenmerk van 'n goeie lid lojaliteit en toewyding. Volgens Hassan (1988:64) is dit binne kulteverband die mees gerespekteerde emosies van almal. Hierdie lojaliteit en toewyding hou in dat die lid geen negatiewe emosies na die oppervlakte mag laat kom nie, behalwe teenoor buitestaanders. Dit hou ook in dat eie behoeftes onbelangrik is, solank alles net tot die beswil van die groep gebeur en nooit daaroor gekla word nie. In plaas daarvan om die leier of die organisasie te kritiseer, moet die lid homself eerder kritiseer en foute aan sy eie tekortkominge as lid van die groep toeskryf. So verkry en behou die leierelement in kultes 'n onaantasbare gesagsposisie.

### 2.4.4 *VERVOLGINGSWAAN EN HAAT*

'n Ander gevoel wat meesterlik deur die kultes aangeblaas en uitgebuit word, is dat diegene wat uitgesproke is daaroor dat hulle van die kulte verskil, besig is om die kulte te vervolg. 'n Mens kan dit 'n soort vervolgingswaan noem (Tucker, 1989:16). Daar is reeds daarop gewys (vgl. 2.4.2) hoe hierdie idee 913 lede van Jim Jones se *Peoples' Temple* sover gekry het om selfmoord te pleeg - net om van die sogenaamde vervolging los te kom. Die vesting wat die David Koresh-groep vir hulle opgerig het en waar baie van hulle (75 waaronder 17 kinders - Klompeen, 1993:12) saam met hulle leier gesterf het in 1993, is ook 'n duidelike voorbeeld hiervan.

Die skrywer het dit self ondervind dat wanneer die evangelie aan kultelede gebring word, daar dikwels navraag na jou bona fides gedoen word asof jy besig is om die groep te vervolg. Hulle meet egter nie hulle eie optrede met dieselfde maatstaf nie. Hulle uitgaan na lede van Christelike kerke om dié te oortuig dat hulle kerke verkeerd is, is nie in hulle oë vervolging nie, maar 'n weldaad.

Juis vanweë die sogenaamde vervolging en misleiding deur diegene wat van hulle verskil, word nog 'n emosie in die kultelid teenoor die teenstanders wakkergemaak - die emosie *haat*. Kultes leer hulle lede om oudlede te haat en sommige kultes tree selfs gewelddadig teen hierdie persone op (Martin, 1993:196). Hoe meer 'n mens self met kultes te doen kry, hoe meer kom jy agter hoe hatig hulle voel teenoor diegene buitekant hulle kring (Orwell, 1966:217).

Oor die negatiewe gevoelens wat kultes onder hulle lede aanblaas, sê Martin (1992:26) dat die persoonlike antagonisme teenoor Christene 'n eienskap van die kultariese geloofsisteem geword het. Die lid verplaas bykans altyd die negatiewe gevoel wat hy oor die leerstellings van die Christendom het na die persoon wat hierdie leerstellings voorstaan. Hierdie gevoel hang saam met die geslotenheid van kultes en maak dit baie moeilik om deur te dring na kultelede. Volgens Martin help dit as 'n mens eers met

opregte belangstelling die negatiewe gevoel van die persoon teenoor jou as Christen kan deurbreek, voordat oor leerverskille gesels word. Dit is egter ongelukkig nie altyd moontlik nie, want die negatiewe gevoelens word selfs op naby familie soos ouers, kinders en huweliksmaats geprojekteer.

### 2.4.5 *LIEFDE EN VRIENDSKAP*

Die meeste mense reageer baie negatief as hulle hoor dat 'n vriend of familielid by 'n kulte ingetrek is. Ongelukkig dryf hierdie reaksie die persoon net verder in die arms van die kulte in, want daar ontvang hy nou liefde en aanmoediging om op sy ingeslane pad te volhard. Volgens Hassan (1988:81) lyk die liefde wat die nuwe lid aanvanklik van die kulte ontvang so onvoorwaardelik en sonder grense dat die persoon skoon van sy voete af gevee word deur al die aandag en aanmoediging. Dit voel vir die persoon letterlik asof hy in 'n utopia ingestap het waar almal vir hom omgee en in hom belangstel. Maar soos die persoon mettertyd al meer deel word van die groep, draai hulle aandag en vleiery weg van hom na nuwe lede wat gewerf word. Nou leer die persoon dat die liefde van die groep nie onvoorwaardelik is nie, maar afhang van sy goeie deelname en resultate. So word die persoon daartoe gebring om al harder te werk en dieper by die kulte betrokke te raak.

Iemand wat self lid van Jim Jones se *Peoples' Temple* was en as gevolg van haar breuk met die groep vermoor is, Jeannie Mills, het nadat sy losgekom het uit die groep ander mense gewaarsku met die volgende woorde (aangehaal in Martin, 1993:73): "When you meet the friendliest people you have ever known, who introduce you to the most loving group of people you have ever encountered, and you find the leader to be the most inspired, caring, compassionate and understanding person you have ever met, and then you learn that the cause of the group is something you dared hope could be accomplished, and all of this sound too good to be true - it probably is too good to be true! Don't give up your education, your hopes and ambitions to follow a rainbow."

Dit is duidelik dat kultes van 'n bombardement van liefde ("love-bombing") gebruik maak om mense in te trek (vgl. Klompeen, 1993:14). Wanneer 'n mens eers deel van die groep is, moet jy hard werk en absoluut gehoorsaam wees om daardie liefde te behou. Dit herinner sterk aan die wyse waarop mense dwelmslawe gemaak word, naamlik deur aanvanklik liefde aan hulle te betoon en gratis dwelms aan hulle te gee en hulle dan so daarvan afhanklik te maak.

'n Belangrike rede vir die eenvormige gedrag van kultelede, is die eenheidsgevoel wat daar heers. Dit is 'n erkende feit dat 'n mens anders optree wanneer jy deel van 'n groep

is, as wanneer jy net op jouself aangewese is. In 'n groep sien jy byvoorbeeld kans vir meer dinge as alleen. In 'n kulte is hierdie groepsgevoel baie sterk, juis omdat hulle hulleself sien as die uitverkorenes wat "God se boodskap" aan die wêreld moet verkondig (Lifton, 1961:422). Hierdie eenheidsgevoel word verder versterk deurdat hulle op mekaar aangewese voel omdat die mense rondom hulle van hulle verskil. Hulle word soos 'n gesin wat saam die aanslae van die wêreld moet verduur. Hierdie band word so sterk dat 'n groep soos die *Peoples' Temple* bereid was om saam selfmoord te pleeg (Martin, 1993:138).

Watters (1986a:1-2) wys daarop dat hierdie groepsgevoel 'n vriendskapsband onder die groep laat ontwikkel wat nie onder ortodokse Christene gevind word nie - baie soos die gevoel van eenheid tussen die lede van 'n geheime klub. Hierdie eenheidsgevoel het nie net 'n groot invloed op hulle gedrag onder mekaar nie, maar maak hulle ook bereid om soos al die ander uit te gaan en nuwe lede vir hulle elite-groep te werf (op grond van hulle geloof dat net hulle die waarheid besit en hulle daarom die uitverkore werktuie van God is om dit uit te dra).

Geen tyd of moeite word ontsien om nuwe lede af te rig totdat hulle in hulle denke, gedrag en emosies prototipes van die ou lede geword het nie. Watters (1986a:1-2) sê dat die lede dan oor hierdie nuwelinge waak, opgewonde oor hulle is en ook baie spesiale aandag aan hulle gee, asof hulle hulle eie nuutgebore kinders is. Soos goeie pa's en ma's waak die geestelike ouers oor hulle nuwe bekeerling om te verseker dat sy geloof nie geskud word deur nuwe ontdekkings of deur die lees van literatuur wat hulle as 'n kulte ontmasker nie. Watters verwys spesifiek na die *Moonies* wat as iemand lyk asof hy hom aan die groep wil onttrek, die persoon weer intrek en 'n groot bohaai maak oor al sy goeie eienskappe. So word die emosionele en veiligheidsband van die groep gebruik as 'n magneet om so iemand terug te wen. Na 'n rukkie verdwyn hierdie aandag egter en word daar van die persoon verwag om net soos die ander weer sy kant te bring.

Martin (1993:121) wys daarop dat kultes hulle lede se dierbares (wat nie self lid wil word nie) meestal as 'n bedreiging sien vir die groepsgevoel wat hulle wil ontwikkel. Daarom sal kultes eerder familiebande probeer afbreek as aanmoedig. Geen gesin is perfek nie. Die kultes sal enige gebreke in 'n lid se gesinslewe uitbuit om hom te oortuig om daaruit weg te breek. Enige gesinsprobleem is genoeg rede om sy "slegte" familie te vermy.[6]

As 'n mens in die praktyk met lede van kultes werk, word dit gou duidelik dat die onderlinge "liefdesband" en samehorigheid van 'n groep een van die belangrikste redes is waarom mense by kultes betrokke raak. Hoe langer 'n mens in 'n kulte betrokke is, hoe moeiliker word dit om daarmee te breek, want hoe minder vriende het jy buite die

organisasie oor (Martin, 1993:121). Om uit die kulte te kom, beteken dat jy weer van vooraf vriende moet maak, iets wat baie moeilik lyk vir iemand wat juis liefde by die kulte kom soek het.

Baie navorsers op die gebied van kultes beklemtoon dat hierdie groepe 'n belangrike houvas op hulle lede het deur vriendskap en 'n eenheidsgevoel. So wys Hexham en Poewe (1987:120) op 'n tendens in Amerika dat eensame voorstedelike huisvrouens, vasgevang en gefrustreerd in die moderne klein bestaan van die gesin, by die kultes ontvlugting uit hulle isolasie en ook vriendskap vind.[7]

In sy boek *The New Cults* sê Martin (1980:26) dat die kultes vandag vir die eensaamgeworde westerling 'n plek bied waar daar sosiale kontak en persoonlike interaksie is. Die groep staan voorop en elke lid glo dat hy of sy 'n integrale en noodsaaklike deel daarvan vorm.

Ook Barnard (1980:53) meen dat 'n belangrike rede waarom mense tot kultes aangetrokke voel, die beeld van warme gemeenskap is wat hulle uitstraal. Hy wys daarop dat die hegte band wat tussen die lede bestaan, die gevolg is daarvan dat hulle saamgestel is uit mense wat dieselfde dink en voel. Wat Barnard nie noem nie, is dat hierdie mense nie aangetrokke tot mekaar gevoel het omdat hulle van die begin af noodwendig sulke "gelykgesindes" was nie, maar dat juis die beheer wat die kultes oor hulle verkry het hulle so eenders gemaak het.

Martin (1993:44) wys daarop dat ook jongmense aangetrek word deur die vriendskap en eensgesindheid wat klaarblyklik in kultes heers. Hy (1993:43, 181, 182) verwys na verskillende kultes wat daarop uit is om mense deur 'n geweldige betoon van liefde en vriendskap in te trek. Tog word baie mense weer eensaam binne kultes omdat eerlike vriendskappe nie gesluit kan word nie, aangesien lede selfs nie eerlik met hulleself mag wees nie (Martin, 1993:116-118). 'n Mens moet dink en praat en voel soos die kulte sê dit hoort. Die gevolg is dat vriendskappe in die kultes eg lyk, maar dikwels nie ware vriendskap is nie.

### 2.4.6 *SEKURITEIT EN PERSOONLIKE KRISIS*

'n Ander emosie wat deur kultes aangespreek word, is die mens se behoefte aan sekuriteit. Martin (1993:42) is daarvan oortuig dat heelwat jongmense wat uit huise kom waar nie warmte en 'n gepaardgaande gevoel van sekuriteit was nie, hulle uiteindelik tuisvind by 'n kulte. Maar of hierdie behoefte bestaan het of nie, kultes blaas dit self aan deurdat hulle die maatskappy, die toekoms en die ander godsdienste so donker skilder dat die lid graag vlug na die beskermende arms van die organisasie.

'n Tyd gelede was die koerante en tydskrifte in Suid-Afrika vol berigte van 'n klomp senior hoërskoolleerlinge van Pretoria wat na 'n naweekkamp, aangebied deur die *Jesus Christus Ambassadeurs*, nie wou teruggaan na hulle huise toe en hulle matriek voltooi nie (Swanepoel, 1991:80). Hulle is klaarblyklik deur die groep oortuig dat die einde van die wêreld op hande is en dat hulle enigste sekuriteit daarin lê om by die groep te bly.

Die verkondiging dat die oordeelsdag op hande is, is beslis 'n manier waarop kultes in Suid-Afrika onder die jongmense lede werf. So beskryf Nelmapius (1993:18-21) hoe die *Mission Church* van Lester Bloomberg op die manier sy lede werf. In September 1993 het die skrywer self gesprekke gevoer met 'n hoërskoolseun van Potchefstroom wat weer deur 'n ander groep oortuig is dat die oordeelsdag en die verskrikking wat dit sal voorafgaan so naby is dat hulle voorrade moet aankoop en aanstuur na die berge in die Oos-Kaap (Barkly-Oos) waar hulle leier is. Daar sal hulle dan saam met die ander lede van hulle organisasie kan skuil teen dit wat kom. Hierdie siening word gegrond op die leier se eksegese van Matteus 24:16 -in die berge by die leier sal hulle veilig wees.

Martin (1980:24) wys ook op die belangrikheid van die gevoel van sekuriteit wat die kultes aan hulle lede bied. In 'n samelewing waar elkeen self moet besluit wat vir hom goed en reg is, is baie mense op soek na 'n vaste normsisteem vir die lewe, na sekerheid en waarheid. Hierdie soort sekerheid en sekuriteit (al is dit vals) word deur die kulte aan hulle gebied. Baie mense verlaat later weer die kulte waaraan hulle behoort het in die besef dat ook daar geen ware sekuriteit gevind kan word nie. Ware sekuriteit en sekerheid is alleen te vind by God soos Hy Homself in Sy Woord openbaar en nie by kultes nie.

Op die vraag wat iemand vatbaar vir 'n kulte maak, antwoord Hassan (1988:77) dat die meeste kultelede gewerf word in 'n tyd van ongewone persoonlike spanning, byvoorbeeld wanneer 'n belangrike verandering in hulle lewens plaasgevind het.

Tucker (1989:23-24) is die mening toegedaan dat die kultes veral met maklik beïnvloedbare persone werk, soos kinders en jongmense. Ander mense wat teikens is, is alleenlopers en mense wat seergemaak is deur iets wat met hulle gebeur het. Hierdie mense gaan deur 'n periode van verandering wat hulle meer kwesbaar maak. Sy wys daarop dat alle inligting oor die groep en hulle leer nie in die begin aan die potensiële lede gegee word nie, maar dat hulle soos wat hulle vorder geleidelik daarin gelei word. In die begin klink dit wat gesê word gewoonlik of dit basies ooreenstem met byvoorbeeld die Christelike geloof waaruit die persoon kom.

Tucker (1989:23-24) sê verder dat die kultes baie aandag gee aan mense in 'n tyd wanneer hulle aandag baie nodig het. Deur aanhoudende besoek word die persoon nie

tyd gegee om rustig na te dink of ondersoek na die saak in te stel nie. By kultes wat hulle "slagoffers" op 'n kamp kan saamtrek (soos die geval was met die Jesus Christus Ambassadeurs hierbo beskryf), word die vatbaarheid vir nuwe idees dikwels verhoog deur 'n program van min slaap, 'n laeproteïendieet en aanhoudende indoktrinasie.

Ook Hexham en Poewe (1987:95) verklaar dat persoonlike krisisse mense dikwels motiveer om te soek na 'n sisteem wat 'n (eenvoudige) verduideliking kan gee vir sy of haar huidige situasie. Op die manier wil hulle gemoedsrus kry. Baie van hierdie mense soek dan die antwoord by een of ander kulte wat oor hulle pad kom. Hier kry die persoon dit dan reg om (eksistensialisties) uit sy of haar situasie te tree en 'n nuwe lewenstyl of denke aan te kweek waar hy/sy "geestelik aanvaar" word.

Die navorsing wat Martin (1993:42-44) gedoen het, dui volgens hom daarop dat mense meer vatbaar is vir kultes in die tydperk direk na 'n groot krisis in hulle lewens, soos die afsterwe van 'n geliefde, die verbreking van 'n huwelik of 'n verhouding, as iemand sy werk verloor of sukkel om werk te kry, kinders wat druip of swak vaar op skool of wie se ouers baie afwesig is, in 'n oorgangstyd byvoorbeeld van hoërskool na kollege, en na gebeure soos verkragting, inbraak of ander vorme van geweld.

Barnard (1980:52) beklemtoon dat mense juis in krisistye soos tye van "groot onsekerheid" of "na groot rampe of oorloë" 'n groter geneigdheid tot groepe soos die kultes het. Ook "tye van verwarring en insinking en gebrek aan hoop" sien hy as goeie teelaarde vir die groei van hierdie groepe. In Suid-Afrika word tans so 'n tydperk van omskakeling, verwarring en onsekerheid beleef en alles dui daarop dat dit vir die kultes 'n bloeitydperk is.

### 2.4.7 *OPSWEPING*

By kultes soos dié van Rajneesh (vgl. Jeremiah Films, s.a.; Martin, 1992:353-361) en die *Hare Krishnas* (vgl. Martin, 1992:361-362) speel die emosionele opsweping om in 'n trans deel te word van die groot universele waarheid en godheid 'n groot rol. Lifton (1961:435) wys op die gevoel by lede van sommige kultes dat hulle deur die kulte kan loskom van die alledaagse sleur om deel te word van die groot sfeer van waarheid, werklikheid en vertroue wat groter is as enigiets wat hulle hulle kan verbeel. Hoewel dit in 'n meer rasionele kulte soos die Mormone glad nie op hierdie wyse voorkom nie, is daar tog 'n soort emosionele opsweping in hulle aanhoudende beklemtoning van hoe suksesvol hulle wêreldwyd is en die geweldige groei wat hulle beleef - sukses en groei wat volgens hulle niks anders bewys as dat hulle "God se organisasie" en "in die

waarheid" is nie (vgl. Ankerberg & Weldon, 1991:13-23 en Martin, 1992:166-169, 195-199).

### 2.4.8 *GEVOLGTREKKING*

Kultes is baie effektief in die beheer van hulle lede se emosies. Sodoende verkry hulle 'n stewige greep op die persoon, gedrag en denke van hulle lede.

## 2.5 BEHEER OOR INLIGTING EN OMGEWING

### 2.5.1 *INLEIDEND*

'n Mens neem besluite volgens die inligting waaroor jy beskik. Daarom is dit logies om te verwag dat kultes wat die denke, gedrag en emosies van hulle lede wil beheer, sal sorg dat net geselekteerde inligting by hulle lede uitkom. Die mense waartussen 'n mens beweeg en tot wie jy aangetrokke voel, het 'n groot invloed op hoe jy na sake kyk. Daarom is dit vir die kultes belangrik dat hulle lede nie in "gevaarlike" omgewings beweeg wat hulle van gedagte kan laat verander nie. Dit is gevolglik geen verrassing om te hoor dat kulteleiers hulleself die reg toe-eien om te besluit wat hulle volgelinge mag lees, hoor en dink nie (Martin, 1993:117).

### 2.5.2 *WAAROM KULTES INLIGTING EN OMGEWING BEHEER*

Volgens Hassan (1988:65) is inligting die brandstof wat die verstand benodig om behoorlik te funksioneer. Weerhou die inligting wat 'n persoon benodig om 'n goeie beoordeling van 'n saak te kan maak van hom, en 'n mens kan seker wees van 'n swak beoordeling. Mense bly volgens Hassan vasgevang in kultes, omdat hulle nie toegang mag hê tot sekere belangrike inligting nie en omdat die kulte beheer uitoefen oor hulle vermoë om inligting wat wel verkry word te beoordeel.

Lifton (1961:420) sien die beheer van iemand se omgewing as die eerste stap van 'n groep wat beheer oor daardie persoon se denke wil verkry. Binne die omgewing is die belangrike saak wat beheer moet kan word, die persoon se kommunikasie - sowel met ander mense as met homself. Dit wat die persoon sien, hoor, lees en skryf, ondervind en beskryf; selfs dit wat hy vir homself sê, moet beheer word.

Binne 'n Sjinees-kommunistiese tronk en rewolusionêre universiteit was die beheer van die omgewing en inligting wat die Amerikaanse krygsgevangenes daar ontvang het, nie moeilik nie. Kultes moet egter hierdie soort beheer verkry deur die lede sover te kry om

hulleself in 'n "gevangenis" te laat plaas, deurdat lede self besluit dat hulle hulle van omgewings en inligting gaan onttrek wat "skadelik" vir hulle kan wees. So kan 'n persoon selfs daar waar hy elke dag tussen ander mense werk, steeds volgens die voorskrif van sy organisasie in selfgemaakte isolasie lewe. Die lid moet net so ver gekry word om te glo dat "dit beter so is" om nie van sekere sake kennis te dra of met sekere persone te doen te kry nie.

Kultes se beheer oor hulle lede se inligting en omgewing bring groot frustrasie mee vir persone wat met kultelede werk. Die skrywer het telkens ondervind dat wanneer dit lyk of 'n mens met iemand vorder, die persoon verbied word om enigiets verder met jou te doen te hê. Kultelede met wie afsprake gemaak is, kom keer op keer nie hulle afsprake na nie, waarskynlik omdat hulle van hulle organisasie verneem het dat die persoon met wie gesels word 'n "gevaarlike" persoon is.[8]

### 2.5.3 *HOE KULTES INLIGTING EN OMGEWING BEHEER*

Watters (1986a:1) noem 'n verskeidenheid maatreëls wat kultes gebruik om te sorg dat hulle lede nie die "gif" inkry van mense wat van hulle verskil of wat 'n wyer visie op sake het nie:

- Verbied die lees van die materiaal van ander godsdienstige groepe, veral dan ook enige kritiese materiaal of stukke van oudlede.
- Maak die mense bang deur hulle te vertel hoe die duiwel ander mense (selfs hulle vriende en familie) gebruik om hulle weg te trek van "die waarheid" af.
- Hou vol met 'n daaglikse of weeklikse indoktrinasieprogram om die kulte se unieke lewens- en wêreldbeskouing op die lid te bly afstempel.
- Hou die lid te besig om ander standpunte te lees of te oorweeg.

Hassan (1988:65) se siening sluit nou hierby aan. Hy verklaar dat baie kultes hulle mense so besig hou dat hulle maar min tyd het om dinge te lees, of om selfs televisie te kyk of radio te luister. As die lede wel nog lees, is dit meestal materiaal en propaganda wat van die kulte self afkomstig is en wat baie eensydig is, ter wille daarvan om die lede se aandag op die "regte" dinge gefokus te hou.

Martin (1993:185-186) wys daarop dat kultes inligting beheer deur hulle leerstellings (bv. dat alles buite die organisasie vol kwaad, besoedel en wêrelds is), deur hulle voorskrifte (bv. om weg te bly van wêreldse familie en vriende, sekere publikasies, films, televisie, ens.), deur hulle baie aktiwiteite (veral in en met die groep),[9] asook by

sommige groepe deur die lede fisies te isoleer van wêreldse nielede (behalwe wanneer werwing gedoen word).

Mense wat hulle kon losskeur van 'n kulte is vir daardie groep 'n wesenlike gevaar. As so 'n persoon die geleentheid kan kry om met sy vorige kamerade te praat, kan hy hulle dalk ook tot dieselfde insigte oor die groep bring as waartoe hy gekom het. So kan die kulte beheer oor sy lede verloor wat katastrofaal sal wees vir sy voortbestaan. Daarom verbied baie kultes hulle mense om iets met oudlede te doen te hê, behalwe as dit lyk of die oudlid teruggewen kan word (vgl. Martin, 1993:195-196).

Watters (1986:2) wys daarop dat die kultes alles in hulle vermoë doen om 'n stigma te plaas op mense wat die groep kritiseer en veral dan op oudlede. Daar word gesoek na geraamtes in die kas van hierdie mense om lede te oortuig dat hulle niks met sulke mense te doen behoort te hê nie. Die oudlede word beskryf as drosters ("apostates") wat die wêreld liefgekry het en daarom "God se organisasie" verlaat het. Die gevolg van hierdie negatiewe beoordeling van oudlede is dat lede niks met hulle te doen wil hê nie en wegskram daarvan om ooit self die organisasie te verlaat.

### 2.5.4 *GEVOLGTREKKING*

Die kultes slaag dus daarin om die inligting en omgewing van hulle lede te beheer en daardeur 'n stewige greep op hulle denke, gedrag en emosies te verkry en te behou.

## 2.6 BEHEER OOR TAAL

### 2.6.1 *INLEIDEND*

As iemand mense se denke, gedrag, emosies, inligting en omgewing beheer, sal hierdie invloed waarskynlik ook 'n uitwerking hê op die manier waarop 'n persoon praat. Omgekeerd weer, as 'n mens 'n invloed op 'n persoon se taal kan uitoefen, behoort dit nuttig te wees in die beheer van die persoon, want jy gebruik taal om te dink, te praat, inligting te kry en selfs om gevoelens uit te druk.

### 2.6.2 *EIE WOORDESKAT*

Volgens Martin (1980:21) het elke kulte sy eie woordeskat.[10] Dit kan bekende terme wees waaraan 'n ander inhoud gegee word, of dit kan selfgeskepte terme wees. So praat die *Children of God* byvoorbeeld van "Ffing" wanneer hulle verwys na die betaal van geld vir seks, oftewel prostitusie.

Hassan (1988:61-62) wys ook op die sogenaamde "gelaaide taal" wat by kultes gevind word. Omdat taal aan 'n mens die woordeskat gee om mee te dink, kan 'n mens se denke in 'n mate beheer word deur sy woordeskat te beheer. Baie groepe het uitdrukkings vir sekere komplekse situasies, wat die lid dan help om in so 'n situasie in lyn met die leer van die kulte te dink. So praat die *Moonies* byvoorbeeld van 'n "Kain-Abel-probleem" as 'n lid met 'n ander lid - hoër of laer as hyself in die hiërargie - probleme ondervind. Die senior lid is dan altyd die Abelfiguur en die junior een die Kainfiguur, wat nie soos Kain in opstand teen sy broer mag kom nie. So is enige geskil eintlik reeds deur die uitdrukking besleg.

Hassan wys verder daarop dat hierdie "eie taal" van die kulte 'n onsigbare muur tussen lede en buitestaanders oprig. Die taal help die lede om spesiaal en meer ingelig as die algemene publiek te voel. Dit laat nuwelinge ook wonder waaroor gepraat word en spoor hulle aan om harder te studeer om die "waarheid" te kan "verstaan". Deur hierdie taal deel van hulle te maak, leer die persoon egter in werklikheid om nie self te dink nie, maar om volgens sulke clichés te glo.

### 2.6.3 *EIE INHOUD AAN WOORDE*

'n Eienskap van die kultes is verder dat hulle hulle eie inhoud aan bekende woorde en sinne gee. Dit laat nuwelinge glo dat wat die organisasie verkondig in lyn is met wat hulle nog altyd gedink het. Geleidelik word die nuwe inhoude daarvan dan aan hulle deurgegee.

In die politiek is hierdie proses baie bekend. So het die Sjinese kommuniste aan die woord "people" die inhoud gegee van alle mense wat deel van hulle groep is (vgl. Lifton, 1961:433). Dit beteken dat as die regeringsmag aan die "mense" of "volk" oorhandig word, dit eintlik aan die kommunistiese party oorhandig word (vgl. ook Orwell, 1966:52-56, 222).

Die *Moonies* sê byvoorbeeld altyd in Amerika in die openbaar dat hulle "pro-Amerika", "pro-demokrasie" en "pro-familiebande" is, omdat hulle weet dat dit is wat die Amerikaners graag wil hoor. In werklikheid, sê Hassan (1988:66), bedoel hulle met *pro-Amerika* dat hulle die beste vir Amerika wil hê, naamlik 'n teokrasie onder die regering van Moon; met *pro-demokrasie* bedoel hulle 'n teokratiese diktatorskap van die *Unification Church*; en met *pro-familiebande* wil hulle eintlik sê dat almal deel moet wees van die familie van Moon, sy vrou en sy geestelike kinders. Hulle leerstellings het dus glad nie verander nie, naamlik dat Amerika onderwerp moet word aan Korea, dat demokrasie 'n geklike stelsel is wat "God besig is om uit te faseer" en dat mense moet

breek met hulle gesinne as gesinslede negatief is oor hulle betrokkenheid by hierdie kulte.

Hierdie misbruik van terme deur daaraan 'n nuwe inhoud te gee (vgl. ook Martin, 1993:126), vind ook plaas by die kultes se herinterpretasie van die woordeskat van die Bybel. Veral ouer kultes soos die Mormone (vgl. Ankerberg & Weldon, 1991:17-19) maak graag van Christelike terminologie gebruik om hulle meer aanvaarbaar te laat wees vir die Christene wat hulle graag wil werf. Die Mormone het selfs in 1990 op Sondae oor SAUK-TV1 'n halfuurlange program laat uitsaai (*Music and the Spoken Word*) waarin hulle duidelik daarop uit was om deur hulle "Christelike" woordeskat en sang die Christene te laat glo dat hulle maar net nog 'n Christelike kerk is. So is byvoorbeeld 'n lied gesing met die woorde: "When we meet again, when we meet again, when we meet at Jesus feet." Wat hulle egter nagelaat het om te sê, is dat hulle leer dat die mensdom met die eindoordeel nie net voor Jesus sal staan nie, maar ook voor Joseph Smith en dat laasgenoemde 'n bepalende sê sal hê wie (volgens hulle leer) gode sal word en eie planete sal kry om te bevolk - beskouings wat radikaal in stryd is met die Bybel en die Christelike leer (vgl. Martin, 1992:166-226).

Martin (1980:32) wys daarop dat elke kulte sy eie definisie het vir die terme wat die Christendom as fundamenteel beskou om die Christelike geloof mee te verdedig. So is "Jesus" in *Silva Mind Control* 'n geestelike gids; vir die *Hare Krishnas* is Hy een van baie *avatars* oftewel vleeswordings van God; vir die lede van *The Way* is Hy 'n mindere god - eintlik geen god nie; vir die lede van *Children of God* is Hy 'n sekspervert wat selfs in homoseksuele aktiwiteite betrokke was. Hierby kan gevoeg word dat Hy vir die Mormone die broer van die duiwel is (Ankerberg & Weldon, 1991:27). Die Heilige Gees weer is volgens die Ou Apostels (s.a.:76-78) en die Nuwe Apostels (Van der Vyver, 1982:33), asook die Apostel-eenheid (s.a.:26), 'n onpersoonlike krag waaroor hulle "apostels" beskik.

In sy boek *The Kingdom of the Cults* sê Martin (1992:21) dat die kultes ook die duidelike betekenis van 'n Bybelse teks herdefinieer, sodat dit klink asof hulle leer deur die Bybel onderskryf word. Hierdie harmonie wat hulle lede en die mense wat hulle wil werf moet oortuig dat dit wat die kulte sê op die gesag van Gods Woord berus, is volgens Martin op sy beste gebaseer op 'n dubbele betekenis van woorde of 'n oppervlakkige ooreenstemming, wat nie die toets van die Bybelse konteks, grammatika of duidelike eksegese kan deurstaan nie.

Vanuit die Suider-Afrikaanse konteks kan hier gewys word op die soort eksegese wat die sogenaamde Israelvisie gebruik om te "bewys" dat die Bybel sê dat slegs blankes die ewige lewe kan beërwe (vgl. Malan, 1991:4-19 & Van der Westhuizen, 1984:2-25), of die

teenoorgestelde wat weer deur sekere swart godsdienstige groepe beweer word (vgl. Schulze, 1981:1-29). 'n Mens kan ook die Ou Apostels (s.a.:67-69) en die Nuwe Apostels (Van der Vyver, 1982:23) as voorbeeld neem wat die Bybel so interpreteer dat dit irrelevant word, aangesien hulle op grond van onaanvaarbare eksegese beweer dat die Bybel self sê dat dit "die letter is wat doodmaak" (2 Kor. 3:5-6). As hulle dus van die Bybel praat, ken hulle nie dieselfde gesag daaraan toe as die Christendom nie.

### 2.6.4 *GEVOLGTREKKING*

Deur hulle taal te beheer, oefen kultes 'n sterk invloed op hulle lede uit. Om suksesvol met iemand in 'n kulte te gesels, moet dus besef word dat hy 'n eiesoortige taalgebruik het wat deur die kulte beheer word. Vir behoorlike kommunikasie is dit belangrik dat aan die persoon deurgegee word wat die eintlike inhoud is wat die Christendom aan belangrike terme gee.

## 2.7 BEHEER OOR NORME

### 2.7.1 *INLEIDEND*

Deurdat die leiers van die kultes daarop aanspraak maak dat hulle met Goddelike gesag optree, kan verwag word dat hulle aanspraak daarop sal maak dat hulle die mag het om te sê wat reg en wat verkeerd is. Vervolgens word ingegaan op die vraag of, en indien wel hoe kultes die norme van hulle lede beheer.

### 2.7.2 *SWART OF WIT*

Kultelede se siening van wat goed en wat sleg is, hang volgens Watters (1990a:11) af van die verhouding waarin die saak staan tot die leerstellings en gebruike van die kulte. Volgens die belange en siening van die kulte word die hele wêreld en alle morele kwessies in swart/wit-kategorieë verdeel, met min ruimte vir persoonlike besluitneming.

Volgens Hassan (1988:79) verdeel selfs die mees komplekse kulteleerstellings die wêreld uiteindelik in twee pole, naamlik goed versus sleg. Geen groep buite die organisasie kan werklik goed wees nie, want dit sou die kulte se monopolie op "die waarheid" bedreig. Daar is ook geen ruimte vir interpretasieverskille nie.

### 2.7.3 *MOETS EN MOENIES*

Tipies van die kultes is dat daar 'n hele lys van moets en moenies bestaan wat die lede deel van hulle eie normsisteem moet maak (vgl. Johnson & VanVonderen, 1991:140-144). Waar die leerstellings en regulasies oor 'n saak egter nie 'n direkte uitspraak gee nie, is die reël dat die leier gevra moet word, aldus Hassan (1988:79).

Aangesien die leiers voorgee om met Goddelike gesag op te tree, het hulle in die oë van die lede die mag om te sê wat reg en wat verkeerd is. As Rajneesh sê dat dit reg is om deur dwelmhandel geld vir hulle groep in te samel, dan doen die lede dit met ywer asof hulle dit vir God self doen (Jeremiah Films, s.a.). As die lede van die *Children of God* geleer word dat die liefdesband tussen die "kinders van God" onderling uitgedruk word in seksuele gemeenskap met mekaar, dan doen die lede dit met ywer (vgl. Martin, 1980:173-175).

Martin (1993:124-125) stip 'n verskeidenheid selfgemaakte reëls aan wat in verskillende kultes geld. Dit sluit onder andere die volgende in: die verbod op meer as 'n sekere hoeveelheid slaap, besoek aan ouers, grimering, om byeenkomste te mis, om die leier te bevraagteken, om moeg te voel, om te wys jy is kwaad, om na die huis te verlang, om koffie te drink. Dit sluit ook die gehoorsame uitvoering van opdragte in soos om seksuele gemeenskap met die leier te hê, om badkamer toe te gaan, om 'n sekere hoeveelheid geld in die hande te kry, ensovoorts. So laat die kultes nuwe "sondes" ontstaan.

Die groot hoeveelheid reëls en regulasies vir 'n heilige lewenswandel by die kultes hou die lede so besig dat hulle nie tyd kry om krities daaroor te dink nie. Vir elke vlak van die lewe (selfs jou seksuele lewe binne die huwelik - Hassan, 1988:64) word daar kasuïsties allerhande reëls en regulasies uitgestippel. Veldhuizen (1980:21) wys daarop dat hierdie strewe na perfektheid en heiligheid by die kultes tevergeefs is, want die mens kan nie self betaal vir sy verlossing nie. Christus het reeds volmaak vir die gelowiges se sondes betaal. Gelowiges het uit hulleself niks om op te roem nie. Christus moet in hulle lewens meer word en hulle minder.

### 2.7.4 *HEILIGHEID EN ONHEILIGHEID*

Volgens Martin (1980:28-30) is daar by die nuwer kultes van hierdie eeu 'n snaakse vereniging tussen subjektiwisme en absolutisme. Terwyl die meeste nuwer kultes in opstand is teen die reëls en taboes van die samelewing, ouers en kerk, het hulle terselfdertyd tog hulle eie stel absolute reëls wat deur die lede van hulle groep nagekom moet word. Martin (1993:124-125) wys daarop dat sommige kultes dinge soos moord,

seksuele losbandigheid, diefstal en leuens nie meer as sonde beskou nie, maar as noodsaaklike metodes vir die groep om hulle doel te bereik.

Teenoor die meer rewolusionêre benadering van die nuwer kultes, vind 'n mens by ouer kultes soos die Mormone, volgens Hoekema (1963:376), 'n groter geneigdheid om perfek te probeer wees. Onder kultelede is daar duidelik 'n gevoel van meerderwaardige heiligheid te bespeur, veral teenoor persone in die Christelike kerke. 'n Mens sal dan ook dikwels opmerkings hoor soos "kyk hoe leef ons teenoor julle". Hierdie eties-meerderwaardige houding word deur die kultes aangeblaas om so verder te verseker dat 'n lid nooit sal wil wegbreek van hulle organisasie nie. Daarom is die publikasies van die kultes deurspek met verwysings van hoe sleg die mense buite hulle groep optree en hoe goed die lede van die organisasie leef.

Tog kom daar ook by die ouer kultes 'n doel-heilig-die-middele-benadering voor. Ook by hulle word wat goed en wat sleg is gemeet aan die verhouding waarin die saak tot die belange van die kulte staan. 'n Mens sien dit vandag byvoorbeeld in die ouer kultes se tegniek om meer aansien te verkry deur hulle lede en buitestaanders te oortuig dat daar baie wetenskaplikes is wat nie anders kan as om met hulle sieninge en leerstellings saam te stem nie. Hierdie wetenskaplikes en hulle werke word dan aangehaal as bewys daarvan. In die proses, aldus Watters (1986a:3), huiwer die kultes glad nie om hierdie mense buite konteks en selfs verkeerd aan te haal nie. Solank dit hulle saak dien, is dit vir hulle klaarblyklik eties regverdigbaar.

### 2.7.5 *GEVOLGTREKKING*

Dit is duidelik dat kultes deur self te besluit wat goed en sleg, reg en verkeerd, mooi en lelik is, die houvas op

hulle lede verder verstewig. Iemand wat volgens die norme van sy organisasie dink en optree, is 'n getroue werker in diens van die mense in beheer van die kulte.

## 2.8 BEHEER OOR DIE GESKIEDENIS

### 2.8.1 *INLEIDEND*

'n Groep wat voorgee dat hulle die enigste ware verteenwoordigers van God is, moet hierdie aanspraak ook uit die geskiedenis kan staaf. Om dit reg te kry, moet die lede se siening van hulle eie en die groep se geskiedenis beheer word.

### 2.8.2 *PERSOONLIKE GESKIEDENIS*

Onder die opskrif *Doctrine over Person* wys Lifton (1961:430-432) daarop dat kultes die geskiedenis aanpas om in te pas by dit wat hulle leer (vgl. ook Orwell, 1966:43-45). Dit geld ook vir elke lid se eie verlede. Dit wat 'n lid in die verlede ervaar het, word gekleur deur hoe die kulte hom daaroor laat dink. So kan die kleinste negatiewe dingetjie wat dalk vroeër met 'n lid as lidmaat van 'n Christelike kerk gebeur het in die godsdienstige kultes geweldig opgeblaas word, terwyl daar doelbewus gepoog word om herinneringe aan al die positiewe dinge wat daar gebeur het te laat vervaag. Die meeste gewerfde kultelede is, as 'n mens met hulle praat, baie gou om eensydig oor hierdie negatiewe "ervarings" van hulle te praat, so asof hulle hulleself probeer oortuig dat hulle nou soveel beter af is.

Volgens Hassan (1988:83) verander die kultes hulle lede se houding teenoor hulle eie verlede, hede en toekoms. Die lid kyk op sy verlede buite die kulte terug met 'n versteurde herinnering wat alles donker kleur. Sy hede word gemanipuleer dat hy voortdurend 'n gevoel van dringendheid het omdat die laaste minute van die wêreld aan die verbytik is. Die toekoms weer bring vir die kultelid die beloning vir al sy harde werk vir die organisasie.

### 2.8.3 *DIE GROEP SE GESKIEDENIS*

Omdat die kultes glo dat hulle die enigste ware Christene van vandag is, moet hulle hulle geskiedenis kan terugtrek na die eerste Christelike gemeentes in die Nuwe-Testamentiese tyd om hierdie leer vir hulle lede aanvaarbaar te maak. Die probleem is egter telkens dat hulle gewoonlik niemand kan opnoem wat gedurende die 18 of 19 eeue na die Nuwe-Testamentiese tyd en tot en met hulle eie stigting gedink het soos hulle dink nie. Die uitweg wat dan dikwels gevolg word, is om te sê dat daar geen ware kerk in hierdie tyd bestaan het nie, byvoorbeeld omdat Satan God se kerk van Hom afvallig gemaak het. Hulle groep se stigting in hierdie of die vorige eeu was dan God se ingryping in die geskiedenis en 'n herstigting van Sy "kerk". Sodoende is hulle groep, na baie eeue se onderbreking, die voortsetting van die ware kerk en kan hulle dus hulle kerk se geskiedenis terugvoer tot by die eerste mense (of selfs nog vroeër, soos in die geval van die Mormone wat hulle geskiedenis terugvoer na "God" en "Sy voorgangers" wat almal eers goeie "Mormone" op ander planete was - Martin, 1992:200-204).

Hoekema (1963:374-375) wys daarop dat bogenoemde die kerkgeskiedenis vir die kultes baie eenvoudig maak. Niks van werklike betekenis het gebeur tussen die tyd van Christus en die tyd wanneer die stigter van die kulte die organisasie begin het wat nou

die enigste ware gelowiges is nie. Die Katoliek-Apostoliese groepe (waaronder die Ou en die Nuwe Apostels) is 'n voorbeeld van kultes wat sê dat daar geen ware kerk bestaan het van na die tyd van die Nuwe-Testamentiese apostels tot en met hulle eie stigting in die vorige eeu nie, omdat die kerke geen apostels gehad het wat "mense se sondes kon vergeef" of wat "mense met die Heilige Gees kon doop" nie (Van der Vyver, 1982:10-11).

Hoekema (1963:374-375) wys verder daarop dat teenoor die kultes wat hulleself as die enigste ware Christene sien en daarom geskei van ander groepe moet bly, die Christelike kerke erken dat hulle uit mekaar voortgekom het, dat Christus Sy kerk deur die eeue bewaar het (volgens Sy belofte in Matt. 16:18 & 28:20) en dat die onderlinge verdeeldheid in die liggaam van Christus betreur moet word.

Op die vraag of hulle leerstellings die waarheid is as dit nou vir die eerste keer geleer word (vgl. bv. die verhale van *Die Boek van Mormon*, 1979), antwoord die kultes volgens Watters (1986a:1) dat hulle leerstellings nog altyd die waarheid was, maar dat die kerk om een of ander rede vir amper 19 eeue hierdie "lig" nie raakgesien het nie.

### 2.8.4 *PROFESIE EN ARGEOLOGIE*

Die kultes gaan nog verder met hulle manipulering van die geskiedenis deurdat hulle ook profesieë wat hulle in die verlede gemaak het wat nie uitgekom het nie, wysig asof hulle iets anders bedoel of gesê het. As voorbeeld hiervan kan verwys word na die wyse waarop Moon se mislukte profesieë oor die einde van die wêreld, dat die *Moonies* in 1960 en 1967 sou oorneem en dat die derde wêreldoorlog in 1977 sou uitbreek (Hassan, 1988:83), deur hierdie kulte "gewysig" is.

Hoe kultes die geskiedenis beheer, kan ook daarin gesien word dat die Mormone glo dat *Die Boek van Mormon* se beskrywing van die "vroeëre geskiedenis van Amerika" die waarheid is, nieteenstaande die feit dat niks daarvan deur opgrawings bevestig kan word nie (Martin, 1992:183-186).

### 2.8.5 *GEVOLGTREKKING*

Deur hulle lede se siening van hulle eie en die groep se geskiedenis (verlede) te beheer, kry kultes dit soveel makliker reg om ook die lede se hede en toekoms, dus hulle hele lewe, te beheer (vgl. Orwell, 1966:38, 218).

## 2.9 "BEHEER" OOR GOD

### 2.9.1 *INLEIDEND*

'n Mens kan slegs beheer oor iemand anders uitoefen as jy op die een of ander manier in die oë van die ander persoon in 'n gesagsposisie staan. By godsdienstige kultes is dit logies om te verwag dat die leiers aan hulleself en aan hulle leer en opdragte Goddelike gesag sal toeken, dat hulle God dus vir hulle saak sal "beheer".

### 2.9.2 *GOD SE ORGANISASIE*

Martin (1993:112-113) wys daarop dat "(h)undreds of cult leaders claim to be God's anointed prophet in the end times, each one doing things differently from the rest of the leaders *also* claiming to be God's anointed for these last times". Hulle leer dat God in beheer van hulle organisasie is, dat dit "God se organisasie" is en dat Hy hierdie organisasie gebruik om Sy doel op aarde te verwesenlik. Maar eintlik is dit andersom. Eintlik "beheer" die leiers van die kultes God. Wat hulle besluit, het God sogenaamd besluit. Wat hulle doen, is volgens hulle wat God gedoen wil hê. Wat hulle profeteer, is sogenaamd wat God profeteer - al kom dit nie uit nie. Wat hulle leer, is sogenaamd "nuwe openbaringe" ("nuwe lig") van God. Hulle "beheer" selfs God se "keuse" van hulle as organisasie, die redes waarom Hy hulle sou "verkies" en ook die tydstip waarop Hy hulle "verkies" het.

Lifton (1961:422) beskryf bogenoemde met die term "mistieke manipulasie" (vgl. 2.1.2). God word "gemanipuleer" om as 'n stempel van goedkeuring te dien op alles wat die organisasie is en uitdink. As 'n persoon dus uit so 'n organisasie bedank of uitgeskop word, kan hy "God se straf" en ewige verdoemenis verwag. Vir die getroues is daar volgens sommige kultes engele wat gereed staan om hulle te help, aldus Watters (1990a:11). Verhale word selfs versprei van die wonderlike dinge wat God besig is om in, vir en deur die organisasie te doen omdat hulle "in die waarheid" is.

### 2.9.3 *GOD SE KOMMUNIKASIEKANAAL*

Watters (1986a:1) beskou dit as die belangrikste eienskap van godsdienstige kultes dat hulle daarop aanspraak maak dat hulle God se eksklusiewe kommunikasiekanaal na hierdie wêreld is. Om lid te kan wees, moet 'n mens die leier(s) sien as die moderne segsman(ne) van God. Daar moet selfs met veranderings in leerstellings deur die leier(s) saamgegaan word, omdat dit kwansuis "nuwe lig" is wat "God gegee" het. Die lede moet glo dat die "nuwe verklaringsmetodes" waarvolgens die kulte die Bybel

verklaar, hulle by hierdie "waarheid" uitgebring het. Deurdat die leier(s) daarop aanspraak maak dat dit alles van God kom, kan hulle nie weerspreek word nie en het hulle vir alle praktiese doeleindes "onfeilbaar" geword (al ontken hulle dit in baie gevalle; vgl. Klompeen, 1993:12).

Volgens Martin (1992:27) het die geloofsisteme van die kultes almal 'n soort institusionele dogmatisme wat beteken dat hulle organisasie en leerstellings van God afkomstig is en daarom absolute gesag het. Dit bring 'n uitgesproke onverdraagsaamheid teenoor enige standpunt buiten hulle eie mee.[11]

As voorbeeld van institusionele dogmatisme kan groepe soos die Ou Apostels (s.a.:67-69) en die Nuwe Apostels (Van der Vyver, 1982:23-28) genoem word, wat so ver gaan om te sê dat die Bybel nie die Woord van God is nie, maar dat dit wat uit hulle onderskeie apostels se monde kom die Woord van God is. Ook die Mormone heg Goddelike gesag aan wat hulle lewende apostel sê (Ankerberg & Weldon, 1991:42-46).

Hierdie aanspraak van kultes dat hulle God se kommunikasiekanaal met die wêreld is, bring uiteraard (soos Hoekema, 1963:374 ook aandui) 'n skerp breuk met die ("apostate") Christendom mee. Die "nuwe lig" wat hulle verkry, maak die leerstellings van die Christendom al meer en meer "verkeerd".

### 2.9.4 *GEVOLGTREKKING*

Dit is duidelik dat die kultes God vir hulleself opeis. By hulle gaan dit dus nie om wat God van die mens verwag nie, maar om wat hulle wil hê dat God van die mens moet verwag. God is dan net die stempel wat hulle gebruik om hulle leer en gebruike as gesagvol te laat merk. Dit is veral belangrik vir die kultes dat die lede van hulle groep dit wat die leiers sê as komende van God sal sien. Die lede moet glo dat hulle verlossing en herstelde verhouding met God van hulle verhouding met die "goddelike" organisasie afhang. Wat is egter meer godslasterlik as om God jou slaaf en stempel te wil maak - as om God te wil "beheer"?

## 2.10 BEHEER OOR VERLOSSING

### 2.10.1 *INLEIDEND*

Kultes se "beheer" oor God bring 'n mens logieserwys by die volgende punt, naamlik die leerstelling van kultes dat hulle die ewige verlossing van hulle lede (en eintlik van die hele wêreld) beheer. 'n Gewone mens wat ander kan oortuig dat hy die finale

seggenskap oor hulle verlossing en ewige lewe het, kan gewoonlik enigiets van daardie mense vra - selfs moord, selfmoord, seks, diefstal, ure se harde werk, ensovoorts.

### 2.10.2 *VERLOSSING DEUR LIDMAATSKAP*

Om mense te beheer deur sogenaamde mag oor hulle verlossing, moet die kultes dit as 'n vereiste vir verlossing stel dat 'n persoon aan hulle groep moet behoort en volgens die reëls van die groep moet optree. Dit is dan ook wat kultes doen. Hulle gee voor dat hulle die reg het om te besluit wie ewig in heerlikheid gaan lewe en wie nie (Martin, 1993:190). Lifton (1961:433) noem hierdie eienskap "the dispensing of existence" (vgl. 2.1.2). Hy verwys na die beheer wat Mao Tse Tung uitgeoefen het deur sy indeling van "mense" (lede van die groep) en "nie-mense" (diegene buite die groep wat eintlik geen bestaansreg het nie). 'n Voorbeeld hiervan in Suid-Afrika is die sogenaamde Kerk van die skepper wat glo dat die blanke ras die skepper van alles is en nie-blankes volgens bogenoemde definisie "nie-mense" is (Klassen, 1981:6-9, 165-175).

Een van sewe eienskappe van kultes wat Watters (1986a:1) noem in sy stuk *Do Cults Follow the Same Patterns?*, is dat die mens se saligheid afhang daarvan of hy aan die spesifieke kulte behoort of nie. Dit is 'n logiese gevolg daarvan dat hulle hulle groep sien as die enigste "organisasie van God". As 'n mens sonder die organisasie is, glo die lid dat jy sonder God is. Soos God jou Vader is, is die Organisasie jou Moeder. Geen egskeiding tussen God en Sy Organisasie is moontlik nie en daarom bestaan die moontlikheid van verlossing nie sonder die kulte nie.

### 2.10.3 *VERLOSSING DEUR WERKE*

Watters (1986a:1) wys verder daarop dat die idee dat verlossing net by die betrokke organisasie te vind is, aanleiding gee tot 'n sisteem van werkheiligheid waarin God die individu al hoe meer aanvaar as kind, soos wat hy al hoe meer volgens die wil van die organisasie optree. Hoe meer die lid 'n slaaf van die leier(s) van die kulte word, hoe meer guns vind hy sogenaamd in God se oë. So kry die kultes dit reg dat hulle lede bereid is om baie hard te werk vir die organisasie.

Saam met die idee van werkheiligheid gaan volgens Hoekema (1963:379-380) die leer dat sekerheid van verlossing kultelede nie beskore is nie. Terwyl die Bybel leer dat diegene wat waarlik in Christus glo, kan weet dat hulle die ewige lewe het (1 Joh. 5:20), kan kultelede tot op die laaste nie seker wees daarvan nie. Hy wys daarop dat Hutten (1957:34) die verwerping van die leerstelling van regverdiging deur genade (*sola gratia*) as die mees basiese eienskap van 'n kulte beskou. Genade word nie gesien as die vrye

gawe van God aan 'n onwaardige sondaar nie, maar as 'n beloning wat verdien word deur die getroue voldoening aan 'n verskeidenheid voorwaardes en vereistes.

Hoekema (1963:380) sê dat die mens van nature self heer en meester wil wees, veral ten opsigte van sy saligheid. Hy wil sy toekoms eerder in sy eie hande hou as om van God afhanklik te wees daarvoor. Hy stem met Hutten saam dat hierdie drang tot beheer oor jou eie saligheid die fundamentele menslike dryfveer agter die kultes se protes teen die kerk is. As voorbeeld hiervan, verwys hy (Hoekema, 1963:380-382) na die Mormone en *Christian Science* wat sonder skroom die leerstelling "uit genade alleen" verwerp. Die Mormone sien dié leer as die oorsaak van die "verval" van die kerk. Elke mens se posisie in die ewigheid word volgens sy eie dade beoordeel. Volgens die *Christian Scientists* verkry 'n mens verlossing van sonde deur op te hou sondig, of deur op te hou glo dat daar iets soos sonde is. Die verlossing lê in dit wat die mens bewerk en nie in die genade van God nie.

Hoekema (1963:380) verklaar dat die kultes deur hulle werkheiligheid en hulle gevolglike verwerping van die *sola gratia*-beginsel, lynreg teen die leer van die Bybel ingaan, soos byvoorbeeld gevind word in Romeine 11:6, Galasiërs 5:4 en Titus 3:5.[12]

Miskien kan die wyse waarop die kultes absolute beheer oor hulle lede se verlossing verkry, die beste saamgevat word met die uitdrukking "hulle maak 'n berg van 'n molshoop". Volgens Hoekema (1963:375-376) is dit tipies van kultes om aan iets wat op die periferie lê veel meer prominensie te verleen as wat daaraan toekom, terwyl belangrike sake op sy beste 'n tweede plek inneem. Die resultaat hiervan is dat hierdie sake wat op die periferie moes lê, die leerstellings van die kultes oorheers en skeeftrek. By die Mormone sluit dit sake in soos die "hemelse huwelik" en die "doop vir die dooies", wat so oorheersend geword het dat 'n mens daarsonder nie die hoogste saligheidsvlak kan bereik nie. Die *Christian Science* se beklemtoning van die genesing van die liggaam, het hulle uitgebring by die miskenning van siekte, sonde en dood. Die Sewendedagadventiste het weer die "derde engel se boodskap" om die sewende dag as die ware Sabbat te onderhou, so opgeblaas dat dit in hulle teologiese sisteem meer nadruk en aandag ontvang as die saligmakende geloof in die Verlosser.

Kenmerkend van kultes is dat baie tyd daaraan bestee word om nuwe lede te werf. Die groei wat daardeur verkry word, versterk die gedagte onder die lede dat God werklik met hulle organisasie is. Om seker te maak dat hulle lede wel moeite sal doen om nuwe lede te werf, het "evangelisasie" volgens Martin (1980:19) in baie kultes 'n vereiste vir hulle verlossing en saligmaking geword. Daar word dan ook geleer dat "evangelisasie" (of in werklikheid eerder proselietemakery) die kenmerk van 'n ware toegewyde lid is en dat God lief is vir die lid wat hierin getrou en suksesvol is.[13]

## 2.10.4 *VERLOSSING DEUR SKULDBELYDENIS*

Saam met verlossing deur lidmaatskap van die kulte en werkheiligheid, vind 'n mens by baie kultes dit wat Lifton (1961:425-427) beskryf as die "cult of confession" (vgl. 2.1.2). Baie kultes lê sterk nadruk op persoonlike skuldbelydenis voor ander lede van die groep. Een so 'n groep wat in Suid-Afrika onder andere onder die naam *Johannesburg Church of Christ* funksioneer, maak volgens die getuienis van 'n persoon (Anon., 1990) wat daarby betrokke was (en weens vrees vir optrede teen haar nie haar naam genoem wil hê nie) baie sterk gebruik van die metode (vgl. 2.4.3 & aantekening 5).

Lifton (1961:425-426) verduidelik dat die lede se belydenis voor die groep as 'n soort persoonlike reiniging dien. Dit simboliseer ook selfopoffering en die lid se bereidheid om hom vir die groep oop te stel. Dit dien as bewys dat hy so een is met die groep dat selfs sy intiemste sake aan die groep bekend is. Dit gee ook vir die lid kans om oor dinge van die verlede te bieg en so verligting te verkry van onderdrukte skuldgevoelens. Hy voel ook nader aan hierdie mense wat sy diepste geheime deel. So verstewig die kultes hulle beheer oor hulle lede nog verder.

Lifton (1961:427) wys egter daarop dat dit in die praktyk gebeur dat die lede sekere dinge sê en ander dinge (wat die groep dalk in 'n baie negatiewe lig sou sien) daaragter versteek. So sal ou geheime vertel word, maar nuwes soos negatiewe gevoelens en twyfel oor die organisasie onderdruk word. Die lid sit dan met die verwarrende stryd om genoeg te sê dat hy eerlik klink, sonder om te veel te sê. Uiteindelik word die grens tussen wat bekend en wat nog privaat is vir hom onseker. 'n Gevoel van minderwaardigheid teenoor die ander lede wat so baie van hom weet, is ook dikwels die gevolg. Dit alles dra by tot die verstewiging van die kulte se beheer oor hom.

Hassan (1988:64) waarsku dat hierdie belydenis voor die groep 'n sterk instrument is wat die kultes gebruik om lede se emosies te beheer. Nadat die lid sy sondes in die groep bely het, is dit nie vergewe en vergeet nie. Die oomblik wanneer die persoon uit pas met die res raak, word dit opgeroep en gebruik om hom weer terug te dwing. Enigiets wat 'n mens dus in 'n belydenissessie by 'n kulte sê, kan en sal teen 'n lid gebruik word as die kulte dit nodig ag. Dit kan selfs aanleiding daartoe gee dat jy na die tyd afgepers word. Watters (1990a:11) sê dit word 'n sweep in die hande van die leiers om die dwarstrekkers en stangvasbyters mee aan te jaag.

### 2.10.5 *GEVOLGTREKKING*

Omdat die lede van kultes glo dat die ewige verlossing en saligheid wat hulle begeer slegs deur middel van hulle organisasie moontlik is, stel hulle hulle heeltemal ondergeskik aan die leiers van die groep en is hulle bereid om in diens van die kulte hard te werk vir hulle saligheid. Deur hulle lede se verlossing te beheer, beheer die kultes dus hulle lede se lewens.

## 2.11 BEHEER OOR SKRIFINTERPRETASIE

### 2.11.1 *INLEIDEND*

Wat 'n mens opval by baie van die kultes, is dat dit lyk asof hulle die Bybel ken en erns maak met die bestudering daarvan. Die vraag is egter hoe eerlik en suiwer kultes in hulle gebruik en interpretasie van die Bybel is.

### 2.11.2 *BUITE-BYBELSE OPENBARING*

Kultes wil nie werklik in hulle omgang met die Bybel die Bybel self laat spreek nie, maar hulle wil die Bybel hulle dogma laat naspreek. Om dit te bewerk, moet die kultes 'n ander basis vir die verklaring van die Bybel daarstel (Watters, 1986a:1). Die basiese metode van Skrifverklaring op grond van die grammatika, die voortgaande historiese lyn en die konteks word meestal verwerp, omdat dit hulle by dieselfde gevolgtrekkings as die Christendom sal uitbring. Daar word dan deur die leiers van kultes aanspraak gemaak op buite-Bybelse openbarings wat "nuwe lig" gee op die interpretasie van Bybelse waarhede. Daar is ook meestal nie sprake van 'n konstante metode van Bybelverklaring nie.

Soos reeds gesien (vgl. 2.9.3), verkondig kulteleiers graag dat hulle God se hedendaagse kommunikasiekanaal met die mensdom is. Dit beteken dat lede dit wat hulle verkondig as die absolute "waarheid" moet beskou. Martin (1992:37) wys egter daarop dat hierdie "nuwe insigte" wat God sogenaamd aan die kultes gee, niks anders is as ou dwaallerings met nuwe gesigte nie.[14] Dit word aangebied onder die "goddelike" gesag van leiers soos Mary Baker Eddy, Joseph Smith, Herbert W. Armstrong, Rajneesh, Maharaj Ji, L. Ron Hubbard, Sun Myung Moon, Jim Jones, Swami Prabhupada (*Hare Krishnas* se stigter), ensovoorts. Hierdie gesag kom volgens hulle óf van 'n goddelike persoon se persoonlike openbaring aan hulle, óf van 'n persoonlike aanstelling of benoeming deur die godheid (Martin, 1980:17-18).

Tucker (1989:12) verklaar dat 'n mens hier met een van die wesenlike verskille tussen die Christendom en die sogenaamde Christelike (maar eintlik onchristelike) kultes te doen het. Die Christelike kerke sal die leerstellings van hulle voorgangers soos Luther, Calvyn of Wesley net as reg aanvaar in soverre dit ooreenstem met die Bybel. Hierdie mense het ook nie aanspraak gemaak op buite-Bybelse openbaringe of Goddelike gesag vir hulle geskrifte nie. Die leiers van die kultes daarenteen maak (in weerwil van dit wat in Op. 22:18-19 staan) aanspraak op spesiale openbaringe van God. Tucker noem Joseph Smith as voorbeeld hiervan. Hy het 'n groot deel van die leerstellings van die Mormone (onder andere die hele *Boek van Mormon*) baseer op spesiale openbaringe aan hom. Juis die sogenaamde verskyning van Goddelike figure aan hom, word deur sy navolgers as die bewysgrond van hierdie ekstra openbaringe gesien.

Daarby is dit belangrik om te besef dat 'n eienskap van die kultes is dat almal van hulle oor hulle eie sogenaamde gesagvolle literatuur beskik wat hulle by die Bybel voeg of waarmee hulle die Bybel selfs as God se Woord vervang. Martin (1980:18) wys op verskillende voorbeelde hiervan, waaronder die *Hare Krishnas* wat beweer dat hulle leer in ooreenstemming met die Bybel is, maar steeds die Hindoeskrifte as hulle "hoogste" openbaring van God beskou - al weerspreek dit die Bybel direk. Die *Unification Church* (*Moonies*) glo weer dat die *Divine Principle* deur Sun Myung Moon die ware Bybel van vandag is.

Hoekema (1963:378-379) noem die "buite-Bybelse gesagsbron" die heel eerste en uitstaande eienskap van 'n kulte. Hy verwys dan na die *Swedenborgiane* wat met die Bybel in die een hand en met een van Swedenborg se boeke in die ander hand staan. Hy kom ook soos Hutten tot die gevolgtrekking dat alle kultes so 'n ekstra boek of boeke as gesagvol saam met die Bybel gebruik. Hy verwys ook na die Mormone wie se *Boek van Mormon, Leerstellings en verbonde* en *Die pêrel van groot waarde* meer gesag dra as die Bybel. Hoewel die *Christian Scientists* uit die Bybel voorlees tydens hulle dienste op Sondae, is dit Eddy se boek *Science and Health, with Key to the Scriptures* wat die gesagvolle verklaring daarvan bied.

### 2.11.3 *BUITE-BYBELSE VERKLARING*

Hassan (1988:98-99) maak die stelling dat die meeste kulteleiers hulleself glo dat hulle van God gestuur of self goddelik is. Baie van hierdie leiers laat dit wel klink asof hulle God en die Bybel as gesag bo hulle erken; maar deurdat hulle 'n eie verklaring aan die Bybel gee, manipuleer hulle eintlik hulle navolgers terwyl die navolgers dink dat hulle aan God gehoorsaam is.

Kultes het nie 'n spesifieke verklaringsmetode nie. Veldhuizen (1980:18-19) wys daarop dat die Bybel dikwels deur hierdie groepe op 'n biblisistiese en fundamentalistiese manier gebruik word. Hieronder verstaan hy dat die Bybel deur hulle gelees en bestudeer word sonder om 'n oog te hê vir die samehang van die tekste, vir die eie styl en bedoeling van die Bybelskrywers, vir die tyd van ontstaan van 'n bepaalde Bybelboek, vir die historiese agtergrond, ensovoorts. Die taal van die boek Openbaring is vir die fundamentaliste byvoorbeeld dieselfde as dié van die boek Genesis of Eksodus of Psalms. Hierdie biblisistiese en fundamentalistiese verklaringsmetode mag baie Bybels lyk, maar is dit beslis nie, omdat dit nie reg laat geskied aan die bedoeling van die Skrif nie. Dit haal God met ander woorde buite konteks aan.

Kultes se verklaringsmetodes wissel gedurig. Hulle maak gebruik van die verklaringsmetode wat inpas by hulle spesifieke leerstelling. Hoe 'n saak of teks verklaar moet word, hang dus nie van eksegetiese reëls af nie, maar van hoe die organisasie dit in hulle publikasies wil verklaar (Watters, 1986a:2). Verklarings wat 'n kulte vandag gee, kan dan ook verskil van dit wat in die verlede as absoluut waar beskou is. Watters (1986a:2) sê dat die kultes hulle veranderings in leerstellings goedpraat deur dit toe te skryf daaraan dat God progressief besig is om alles aan hulle te openbaar. Aantygings dat hulle leerstellige veranderings gemaak het, word ook beantwoord as dat dit net "ophelderings" van sake was.

Watters (1986a:1) beskou dit as tipies van kultes dat hulle die Bybel wil "vereenvoudig" om die boodskap daarvan meer verstaanbaar vir die rasionele mens te maak. So kan dit wat nie ooreenstem met hulle denke nie, in die slag bly. 'n Deel van hierdie "vereenvoudiging" is om skynbare paradokse in die Skrif te misken deur die een gedeelte daarvan te aanvaar en die ander te verwerp. Die Godwees van Jesus sal byvoorbeeld verwerp word om Sy menswees meer aanvaarbaar te maak, of omgekeerd. Die meer verstaanbare liefde van God sal weer die bestaan van die hel vir sommige kultes onmoontlik maak.

### 2.11.4 *BUITE-BYBELSE AANHALINGS*

Martin (1980:19) wys daarop dat die meeste kulteleiers weinig of geen teologiese opleiding gehad het nie. Werner Erhard (van *EST* en *The Forum*) se werk was om tweedehandse motors en ensiklopedieë te verkoop; Carl Stevens (van *The Bible Speaks*) was 'n vragmotorbestuurder vir 'n bakkery; L. Ron Hubbard (van *Scientology*) was 'n skrywer van wetenskapfiksie; en iemand soos Victor Paul Weirwille (van *The Way International*) het sy Ph.D.-graad in teologie deur 'n graadverskaffersdiens oor die pos gekry. Hierby kan die name gevoeg word die leiers van die Jesus Christus

Ambassadeurs, Johan van Niekerk, 'n mediese dokter, en Dolf Odendaal, 'n boukontrakteur (Swanepoel, 1991:81). 'n Uitsondering is Jim Jones wat wel 'n bevestigde predikant was (Hassan, 1988:97).

Om vir hulle leiers se gebrek aan wetenskaplikheid te vergoed, vind 'n mens by die kultes 'n geneigdheid om erkende wetenskaplikes te soek wat klink of hulle ten opsigte van een of ander puntjie met die kulte saamstem. Hierdie mense word dan dikwels heeltemal buite konteks en selfs verkeerd aangehaal, om so by die lede van die kultes die indruk te skep dat hulle leer ook wetenskaplik verantwoordbaar is.

Watters (1986a:2-3) noem hierdie neiging "the scholastic dishonesty of the cult". Wanneer kulteleiers daarvan beskuldig word dat hulle verklaringsfoute gemaak het deurdat hulle byvoorbeeld die taal van die Bybel verkeerd verstaan het of hulle geskiedkundige feite verkeerd is, sal die leiers hierdie aantygings gewoonlik ignoreer of beskryf as swartsmeerdery. Wanneer 'n groot genoeg debat oor die saak ontstaan, word hulle egter gedwing om 'n aanvaarbare antwoord aan hulle lede te gee. Dit word gedoen deur óf 'n wanvoorstelling te maak oor die saak waarom dit gaan - 'n strooipop te maak wat maklik afgebreek kan word; óf oral te soek na iemand wat as 'n kenner op die gebied beskryf kan word en wat dalk op een van die puntjies met hulle saamstem, of wat buite konteks aangehaal kan word ter ondersteuning van hulle saak. Omdat hulle dikwels selfs dit nie regkry nie, wend hulle hulle tot liberale of eksentrieke denkers en gee voor dat hulle aanvaarbare kenners is. Die lede van die kultes aanvaar geredelik al hierdie "bewyse". Hulle is buitendien nie veronderstel om die boeke van hierdie kenners te bestudeer nie.

### 2.11.5 *GEVOLGTREKKING*

Vir die behoudende Christendom, sê Martin (1980:15) tereg, is die Bybel die finale arbiter in enige geskil. By kultes dra hulle leer egter die hoogste gesag. Die Bybel word so gebruik dat hulle dit in werklikheid net hulle idees laat buikspreek. Deur die verklaring van die Bybel te "beheer", kry die kultes hulle lede so ver om te glo dat net hulle die Bybel reg verstaan en "God se organisasie" is.

Die wyse waarop die Bybel hanteer word om die leer van die kultes te verkondig, skep die indruk dat kultelede werklik "die Bybel ken". Wat mense nie besef nie, is dat die lede nie werklik die Bybel so goed ken nie, maar dat hulle geoefen word om die Bybel te gebruik om hulle valse leer te verdedig. Daar is 'n uitdrukking in Afrikaans wat sê "elke ketter het sy letter" - dit wil sê, elke dwaalleer het verse uit die Bybel wat hy op so 'n wyse gebruik dat die indruk gewek word dat dit sy saak ondersteun.

Om iemand buite verband aan te haal, is oneties. Om God buite verband aan te haal, is godslasterlik. Daarom is 'n basiese vereiste vir die verklaring van die Bybel dat tekste gelees moet word in die konteks waarin dit staan; in konteks met al die ander gedeeltes in die Bybel wat oor hierdie saak handel; en met inagneming van die literatuursoort (- 'n mens lees digterlike stof soos die Psalms anders as geskiedkundige stof soos die Evangelies). As kultes aan hierdie basiese vereistes sou voldoen, sal hulle leer heeltemal anders lyk.

## 2.12 BEHEER OOR LEERSTELLINGS

### 2.12.1 *INLEIDEND*

Dat enige godsdienstige organisasie beheer oor sy leerstellings moet hê, is logies. Mense moet tog weet wat daar geleer word en waarop dit gebaseer word. Die verskil tussen die Christelike kerke en die sogenaamd Christelike kultes lê egter in die gesagsbron. Vir behoudende kerke het die Bybel die hoogste gesag, sodat alles wat geleer word voortdurend daaraan gemeet word. By die kultes word die gesag van die Bybel ondergeskik gestel aan die "nuwe lig" wat die leiers ontvang het ten opsigte van sekere leerstellings en hulle "verklaring" daarvan uit die Skrif (vgl. 2.11).

### 2.12.2 *ONAANTASBARE LEERSTELLINGS?*

Lifton (1961:427-429) beskryf die absolute beheer wat die kultes oor hulle leerstellings uitoefen met die term "sacred science" (vgl. 2.1.2). Die totalitêre gemeenskap adem 'n geur van heiligheid rondom hulle basiese leerstellings. Dit is veral waar van die godsdienstige kultes wat hulle leerstellings as deur God self geopenbaar beskou. Hierdie heiligheid blyk byvoorbeeld daaruit dat die lede verbied word om die basiese leerstellings te bevraagteken en so die agting wat hulle moet hê vir hulle leiers (as kommunikasiekanaal van God) en die geskrifte waarin die leer uiteengesit word onder verdenking te plaas. Daar word dus nie geleer dat die betrokke mens God is nie, maar wel dat sy idees dié van God is.

Hassan (1988:99) sê dat 'n mens van enige groeplid sal verwag om te glo wat die groep glo. Die verskil kom daarby in dat die kultes die "waarheid" verander om by die veranderde situasie in te pas, omdat hulle glo dat die doel die middel heilig. Kerke verander nie hulle leerstellings om die publiek of hulle lede te mislei nie, maar die kultes is bereid om dit te doen ter wille daarvan om mense te "red".

### 2.12.3 *WETENSKAPLIKE LEERSTELLINGS?*

Behalwe heilig, maak die kultes ook daarop aanspraak dat hulle leer absoluut logies is en met wetenskaplike presiesheid uitgewerk is. Enige teenstand teen hulle leerstellings is daarom nie net immoreel nie, maar ook onlogies. Hierdie aanspraak verskaf nie net sekerheid en gemoedsrus aan die lede nie, maar Lifton (1961:427-429) wys ook daarop dat die lede se soeke na meer kennis hierdeur gestil word. In die naam van wetenskaplikheid word die lede dus verhinder om soos ware wetenskaplikes alle relevante data oor 'n leerstelling bymekaar te maak.

Deel van hierdie "onwetenskaplikheid" is dat kultelede, volgens Hassan (1988:78-79), ook nie toegelaat word om na hulle leerstellings te kyk as teorieë, of as 'n manier om die werklikheid te interpreteer nie. Vir die kultelid is die leerstelling die werklikheid. Sekere groepe gaan selfs so ver om te leer dat die hele materiële wêreld 'n illusie is en dat alle denke, begeertes en handelinge (behalwe dié deur die kulte voorgeskryf) dus nie werklik bestaan nie. Die effektiefste leerstellings is dié wat nie evalueerbaar of verifieerbaar is nie. Omdat kultes se leerstellings voorgehou word as die absolute en onbetwyfelbare "waarheid", is enigiets wat nie logies of konsekwent lyk nie 'n gevolg van die lid se eie gebrekkige verstaan daarvan. Van die lid word dan vereis om hard te werk om dit te kan verstaan.

Waar die kultes wel gedwing word om veranderings aan hulle leerstellings aan te bring, is reeds daarop gewys dat dit aan die lede voorgehou word as "nuwe lig" of "voortgaande openbaringe" (vgl. 2.9.3). In die oë van die lede is dit dus nie die gevolg van kritiese en indringende gesprek nie, maar van bonatuurlike oorsprong. Omdat hulle geleer word dat God self sorg vir die korrektheid van die kultes se leerstellings, hoef (en mag) die lede hulle nie daaroor bekommer of die korrektheid daarvan ondersoek nie.

### 2.12.4 *CHRISTELIKE LEERSTELLINGS?*

Om vas te stel of 'n groep Christelik is of nie, moet deeglik na hulle leerstellings gekyk word. 'n Christelike groep moet volgens Martin (1980:15) en Tucker (1989:400-406) ten minste glo in die Drie-eenheid, die Godwees van Christus en die Heilige Gees, dat verlossing alleen deur Christus se versoeningswerk plaasvind, dat Hy liggaamlik opgestaan het en dat Hy sigbaar weer kom om te oordeel op 'n vir die mens onbekende tyd. Verder moet geglo word dat die Bybel die Woord van God is en dat niks daarby bygevoeg of daarvan weggeneem mag word nie; asook dat daar Christene is wat nie aan hulle groep behoort nie en dat die lede van hulle groep dus nie die enigste ware gelowiges is nie.

Tucker (1989:400-406) wys dan daarop dat hierdie basiese geloofsleer, gegrond op die Skrif, deur al drie takke van die Christendom (Protestants, Rooms-Katolieк en Grieks-Ortodoks) as fundamenteel gesien word. Die verwarring wat die kultes vandag in sommige kringe gebring het, kan uitgeskakel word as gelet word op soortgelyke debatte wat in die verlede al met dwaalleraars gevoer is en die grondwaarhede van die Skrif wat uiteindelik telkens weer bevestig is.[15]

Godsdienstige kultes gee graag voor dat hulle Christelik is. As hulle leerstellings egter met bogenoemde leerstellings vergelyk word, verskil dit merkbaar van die leer van die Christendom (vgl. Hoekema, 1963; Martin, 1980; Martin, 1992).

### 2.12.5 *GEVOLGTREKKING*

Dit is baie duidelik dat kultes hulle leer wat duidelik van die Christendom verskil, aanwend om te "bewys" dat hulle die enigstes is wat die waarheid het. Teenoor kultes wat beheer uitoefen oor hulle leer soos dit tot hulle voordeel is, beheer die Christelike kerke nie in werklikheid hulle leerstellings nie. Die leerstellings van die behoudende Christendom is slegs 'n samevattende opsomming van wat die Skrif sê en moet voortdurend daaraan getoets word. Die kultes beheer egter hulle leerstellings so volkome dat hulle dit kan verander soos wat hulle wil en dan aanspraak daarop maak dat dit deel is van God se voortgaande openbaring. By die kerke is 'n kritiese inspeel van die lidmate op grond van wat die Skrif sê moontlik. By die kulte mag die lede nie die leerstellings bevraagteken nie, omdat dit sogenaamd openbaringe van God is.

Martin (1980:11) som die kultes se beheer oor hulle leerstellings raak op met die volgende woorde: "(T)hey take biblical Christianity and change it into a clever counterfeit of the real thing." 'n Kulte is dus in wese onchristelik, al doen hulle hulle as Christelik voor.

## 2.13 BEHEER OOR LIDMAATSKAP

### 2.13.1 *INLEIDEND*

Hassan (1988:99-104) sien lidmaatskap as die laaste en belangrikste kriterium om te meet of 'n groep 'n kulte is of nie. Hy verdeel sy bespreking van lidmaatskap in drie dele, naamlik werwing, groepsbehoud en die gebrek aan vryheid om te bedank. Hierdie indeling word ook hier gevolg.

## 2.13.2 *WERWING*

Volgens Hassan (1988:99-101) is die basiese kenmerk van die werwing van nuwe lede by die meeste kultes misleiding. Dit is nie volgens die kultes verkeerd om mense te mislei nie, want dit word mos in die mense se eie belang gedoen. So sal die groep hulle aan die begin as "baie dieselfde" as die res van die Christendom voorhou. Soos die persoon egter by hulle ingetrek word, word hy geleidelik ingelei in die volledige leerstellings van die kulte wat in die reël baie anders is as wat dit aanvanklik gelyk het.

Hassan (1988:41-44) wys daarop dat kultes se sukses afhang van die werwing wat hulle kan doen. Anders as wat dikwels gemeen word, soek kultes by voorkeur mense uit wat intelligent, talentvol en suksesvol is - mense wat weer op hulle beurt goeie oorreders en verkopers van die kulte by ander kan wees. Hierdie mense word dikwels tydens 'n emosionele laagtepunt of oorgangstyd in hulle lewe gewerf (vgl. Klompeen, 1993:13). Kultelede word gewoonlik goed opgelei om die groep aan ander te kan "verkoop". Hulle moet weet hoe om net die beste kant van die organisasie aan ander te wys, hulle negatiewe gevoelens en afkeur weg te steek en om altyd 'n glimlag gereed te hê sodat hulle gelukkig lyk.

Wat 'n mens opval van lede van die verskillende kultes, is dat hulle baie goed opgelei is in oorredingskommunikasie. Hulle weet gewoonlik hoe om hulle "prooi" op te som, betrokke te kry en te laat goed voel. Hassan (1988:41-42) sê dat die *Moonies* pertinent geleer word om mense van verskillende persoonlikheidstipes verskillend te hanteer. Hulle het die mense ingedeel in denkers, voelers, doeners en goedgelowiges. Denkers word op 'n intellektuele wyse benader, voelers met baie liefde en belangstelling, doeners met die werk waarmee die kulte besig is om van die wêreld 'n beter plek te maak, en goedgelowiges word benader om te glo dat God hierdie kultelid op sy pad geplaas het. Anders as wat 'n mens sou dink, val die meeste mense nie in die groep goedgelowiges nie, maar in die groepe voelers en doeners.

Hassan (1988:42-43) wys verder daarop dat die gewone man nie werklik 'n kans het teen die goed uitgewerkte benadering van die kultes nie. Mense weet nie werklik dat "hierdie gawe persoon" besig is met 'n aanslag op hulle hele bestaan nie (vgl. 2.4.5). Buitendien dink mense gewoonlik "so iets sal nooit met my gebeur nie". Juis hierdie swakheid dat die publiek glo dat hulle in beheer van hulle lewens is en hulle nie sal laat betrek by iets wat verkeerd is nie, word deur die lede van kultes uitgebuit in hulle werwing van nuwe lede. Mense sal byvoorbeeld 'n "Bybelstudie" saam met lede van 'n kulte begin, terwyl hulle meen dat hulle tog nie deur hierdie mense oortuig sal word nie. Geen mens is buitendien net rasioneel nie. Behoeftes soos liefde, vriendskap, aandag, aanvaarding, ensovoorts speel 'n belangrike rol in 'n mens se lewe. Die kultes konsentreer dan ook

gewoonlik op al hierdie aspekte wanneer hulle iemand probeer werf (vgl. Klompeen, 1993:13-14).

### 2.13.3 *GROEPSBEHOUD*

Die tweede saak wat Hassan (1988:101-104) onder die tipiese eienskappe van lidmaatskap van 'n kulte behandel, is groepsbehoud. Dit word bereik deur die kulte-aktiwiteite so te organiseer dat dit die nuwe lid se verhouding met familie en vriende skaad. Solank die vriende en familie nog moontlike teikens is ("rou vleis" is die term wat *Scientology* daarvoor gebruik), mag die nuwelinge nog tyd saam met hulle deurbring om met hulle te kan werk. As hulle egter aandui dat hulle nooit sal aansluit nie en bekommerd is oor die persoon se betrokkenheid by die kulte, word die nuwe lid deur sy kulteleiers ontmoedig om meer tyd saam met die "ongelowiges" deur te bring. Kultes kan nie teenstand verdra nie. Die nuwe lid moet leer dat hulle wat nie wil saamstem nie, die vyand is.

Martin (1980:18) wys in die verband daarop dat die kultes streng lidmaatskapstandaarde het. Daar word onmiddellik opgetree teen diegene wat dit durf waag om af te wyk van dit wat sy groep van hom verwag, en as sake nie baie gou verander nie, word hy geskors - met al die sielewroeging en sosiale probleme wat dit vir die oudlid meebring.

### 2.13.4 *GEEN VRYHEID OM TE BEDANK NIE*

Die derde tipiese eienskap betreffende kultelidmaatskap wat Hassan (1988:104) onderskei, is die gebrek aan vryheid om te kan bedank. Mense is vry om by 'n kulte aan te sluit, maar nie vry om weer te bedank nie. In die oë van die kultes is daar geen wettige rede om te bedank nie. Daarom word lede wat bedank gewoonlik geskors, want die bedanking is "sonde" en vereis die kwaaiste straf, naamlik skorsing uit "God se organisasie". Terwyl sekere groepe hulle lede net verbied om met oudlede kontak te hê en laasgenoemde baie swartsmeer, vind 'n mens by ander kultegroepe voorbeelde van fisiese vervolging van oudlede. Hassan verwys na 'n paar sulke voorvalle, soos byvoorbeeld 'n oudlid van die *Hare Krishnas*, Stephen Bryant, wat na sy uittrede uit die groep in opdrag van een van die kulte se leiers deur 'n lid van die groep doodgeskiet is (vgl. ook Martin, 1993:196-198).

Kultes verwag volgens Hassan (1988:65) van hulle lede om op mekaar te spioeneer en onmiddellik enigiets te rapporteer wat 'n ander lid sê of doen wat strydig is met die reëls van die organisasie, selfs al is hulle lede van dieselfde gesin.

Watters (1986a:2) wys op die hoë prys wat iemand moet betaal wat uit 'n kulte bedank, deurdat hy sowel sy geestelike as sy letterlike familie wat nog in die kulte is permanent verloor. Dit gebeur omdat die kultes hulle lede verbied om met oudlede te praat. 'n Lid wat wel met oudlede kontak hou, loop self gevaar om uitgeskop te word. Behalwe dat hy die vriendekring wat hy in die kulte opgebou het verloor, wys Martin (1980:18) daarop dat die persoon wat bedank ook sy "doel in die lewe" en "gevoel van sinvolheid", asook die "goedkeuring" van God verloor. Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat as so 'n oudlid nie in 'n ander belangstellende gemeenskap (bv. die liefdevolle gemeenskap van 'n Christelike kerk) ingetrek word nie, die gebrek aan vriende en die gevoel van sinloosheid hom kan laat teruggaan na die kulte - om dit waarskynlik nooit weer te waag om daaruit te probeer kom nie.

Watters (1986a:3) vestig die aandag op die verskriklike waarheid dat 'n kulte, wat aan die begin van sy bestaan dalk vervolg en swartgesmeer is, later self 'n vervolger en swartsmeerder word. Waar dit 'n groep was wat van die Christendom af weggebreek het, sit hulle later self met baie wat weer van hulle wegbreek. Omdat hulle lede hulle bron van mag en inkomste is, kan wegbrekers nie geduld word nie - vandaar dat kultes hulle lede opdrag gee om diegene wat hulle verlaat te haat en nie eers te groet nie, maar so ver moontlik soos die pes te vermy (vgl. 3.4.4).

Die hartseer is dat diegene wat wel loskom uit die kultes, dikwels baie gevolge daarvan oorhou. Swanepoel (1991:81) toon aan dat mense wat uit die kultes kom, dikwels "in niks meer glo nie". Watters (1986a:3) praat van "the silent victims". Min dinge is so hartseer as wanneer iemand wat 'n sekere aantal jare sy tyd en energie aan 'n valse godsdiens gewy het, daarna koud en afsydig behandel word deur sy vriende. Watters wys daarop dat die hele ervaring die oudlid van 'n kulte dikwels baie wantrouig maak teenoor alle godsdienste. Vir baie jare het hy net kwaadwillige informasie oor alle ander godsdienste ingekry. Nou is dit uiters moeilik om 'n ander godsdienstige groep te vertrou. Buitendien leef daar by hom die vrees dat hy weer 'n slaaf kan word, dat die kerk ook sy lewe sal beheer soos die kulte gedoen het.

### 2.13.5 *GEVOLGTREKKING*

Dit is duidelik dat kultes deur die beheer wat hulle oor die werwing, lidmaatskap en selfs bedanking van lede uitoefen, dit regkry om hulle lede in hulle mag te kry en te hou. Op die manier word die lid se verhouding met die organisasie belangriker as sy verhouding met God, want sonder die organisasie glo hy hy is verlore.

2.14 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Uit wat behandel is in hierdie hoofstuk, het dit duidelik geword dat navorsers op die gebied van kultes die beheer wat dié groepe oor hulle lede uitoefen as een van die uitstaande eienskappe van kultes beskou. Dit sluit veral sake soos die beheer oor lede se denke, gedrag, emosies, inligting en omgewing, taal en norme in, asook lede se siening en ervaring van die geskiedenis, God, verlossing, die Bybel, leerstellings en lidmaatskap.

Vervolgens moet gekyk word of die *Jehovah-getuies* hulle lede ook op 'n soortgelyke wyse beheer, om vas te stel of hulle ook as 'n kulte beskryf kan word of nie.

AANTEKENINGE BY HOOFSTUK 2

1. Martin (1993:19-29) onderskei sewe groeperinge binne die kultes en Hassan (1988:39-41) vier.
2. Busséll (1983:12) beskryf 'n kulte onder andere as "any religious body that holds beliefs and practices clearly in opposition to historic Christianity as expressed in the Apostles' Creed". Martin (1980:16) definieer 'n kulte as "a group religious in nature which surrounds a leader, or a group which either denies or misinterprets essential doctrines".

3. Ross en Langone (1989:20) wys daarop dat kultes verskillende manipulasietegnieke gebruik "to control members' thoughts, feelings, and behavior". Martin (1993:22) meen "a strictly theological definition of the word *cult* is not enough. There also need to be a psychological definition".
4. Die gebruik van die term "kultus" hier illustreer waarom eerder van "kultes" gepraat moet word wanneer na sekere godsdienstige groepe verwys word (vgl. 1.1.4).
5. 'n Groep wat in Suid-Afrika onder andere onder die naam *Johannesburg Church of Christ* funksioneer, skep volgens die getuienis van 'n oudlid van die organisasie (Anon. 1990) skuldgevoelens by hulle lede om daardeur 'n houvas op die lede te verseker. In 'n artikel in die *Sunday Times Metro* (St Leger & Kariem, 1992:5) sê die Kaapse leier van die groep dat die lees van die Bybel skuldgevoelens by 'n mens opwek. 'n Oudlid vertel ook van die skuldgevoelens wat jy as lid van die groep ervaar: "I began feeling very estranged from myself. I became extremely depressed and angry with myself for not being able to be this perfect person God wants me to be. Confusion and ambivalence set in, with suicidal thoughts surfacing."
6. Die skrywer het in Augustus en September 1993 verskeie gesprekke gehad met 'n gesin in Potchefstroom waar so 'n groep klaarblyklik die swakhede van die gesin uitgebuit het en die ouers se hoërskoolseun, wat by die groep betrokke geraak het, "toegelaat" het om weg te loop van sy ouerhuis en by hulle verblyf te kry.
7. Die skrywer is van heelwat gevalle aan die Wes-Rand alleen bewus waar (huis-)vrouens by kultes betrokke geraak het, terwyl hulle mans apaties of negatief daaroor voel.
8. Nadat die skrywer in 1989 'n paar keer by twee ouere manne in Bethel (die hoofkwartier van die Jehovah-getuies in Suidelike Afrika) was, is hy deur een van die senior lede van die organisasie gebel en gesê dat hy hulle terrein verbied is en dus nie weer daar toegelaat sal word nie.
9. Wanneer daar wel kontak met buitestaanders is, is dit dikwels konfronterend/evangeliserend. Dit versterk juis weer die groepsgevoel.
10. Klompeen (1993:12-13) haal die volgende woorde uit 'n toespraak van die kulteleier George Baker (Father Divine) aan: "God's love . . . can be expressed metaphysically and metaphysalizationally! He repersonificates and repersonifitizes! He is concentratuponable! He is Father Divine!"
11. Dit is ook die rede waarom kultelede nie kan verstaan dat verskillende denominasies kan saamwerk en glo dat lede van ander denominasies ook die saligheid sal beërwe nie. Wanneer lede wil wegbreek uit die kulte is dit dikwels vir hulle 'n probleem watter Christen-denominasie die een is wat "reg" is, sodat daarby aangesluit kan word.
12. Barnard (1980:17-18) wys ook daarop dat die "sektes" ten opsigte van die genade van God dwaal. Hy trek die lyne van hierdie dwaling in die geskiedenis terug na Pelagius, die Semi-Pelagiane en die Remonstrante. Veldhuizen (1980:17-18) huldig 'n soortgelyke standpunt.
13. Evangelisasie is vir die Christelike kerke ook baie belangrik as 'n godgegewe roeping (Matt. 28:19; Luk. 15). Die doel daarvan is egter nie om "lede te werf" nie, maar om mense by die verlossing in Christus uit te bring. Die lidmate se ewige lewe is ook nie afhanklik daarvan of hulle evangelisasie doen nie, maar of hulle deel in Christus se soenoffer aan die kruis.
14. Barnard (1980:14-19) wy 'n hele hoofstuk van sy boek aan die "ou dwalings" wat as nuwe en wonderlike "ontdekkings" deur die kultes voorgehou word.
15. Van Baalen (1975:379-388) gaan ook in diepte in op wat die basiese van die Christelike leer is teenoor dit wat groepe soos die kultes leer. Hy kom ook tot die gevolgtrekking dat as die belydenisse van die verskillende Christelike kerke ondersoek word, 'n merkwaardige ooreenstemming tussen hulle gevind word ten opsigte van die basiese leer van die Christendom.